

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

23 Oktober 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nommer 7

Moderator sê jammer aan 'broer' wat sê hy's verraai

LE ROUX SCHOEMAN

Daar word deur 'n Baaise dominee en Bybelskoolblogger 'n sondeblydenis by leiers van die kerk geëis waarin hy al 30 jaar werk weens wat hy by monde van 'n regsverteenwoordiger as "lafhartige verraad" beskryf.

'n Klag van haatspraak is verlede jaar deur die drukgroep Queers without Borders (QWB) teen dr Chris van Wyk by die Menseregtekommissie (MRK) ingedien en deur dié na die gelykheidshof geneem, maar intussen teruggetrek, luidens 'n verklaring deur Van Wyk se regsman. Die leraar by Somerstrand in Port Elizabeth voel kerkleiers het nie 'n "broer in Christus wat in desperate nood om hulp verkeer" bygestaan nie.

Van Wyk het voorheen as lid van die moderatuur van die Algemene Sinode gedien en bedryf 'n teologiese webwerf genaamd Bybelskool. Hy het aan *Kerkbode* gesê hy volstaan by die inhoud van die verklaring wat meer as 1 000 woorde lank is en op 14 Oktober namens hom aan die redakteurs van verskeie koerante, asook ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Algemene Sinode, gestuur is.

"(The) most disturbing feature of this saga, is the complete failure of Rev Nelis Janse van Rensburg, much of the leadership of the NG church, many leading NG academics and *Kerkbode* to

come to the assistance of a brother in Christ and a long standing colleague, who has given his all to that denomination for the past 30 years. (It is reminiscent of the apartheid days when the leadership of the NG church, once again for politically expedient reasons, failed a person such as Dr Beyers Naude ..." luidens die verklaring.

Janse van Rensburg se reaksie was dat hy destyds saamgestem het dat die klag teen Van Wyk nie water hou nie, maar dat hy vertrou het dat 'n billike regsproses dit sou ontbloot. "Uiteindelik is die saak nietig verklaar," het Janse van Rensburg op 15 Oktober in 'n verklaring aan *Kerkbode* geskryf. Janse van Rensburg was versoenend. "Chris is my broer in Christus en ek moet verantwoordelikheid aanvaar vir die beskerming van sy karakter. Ek teken daarom hiermee verskoning aan dat ek nie meer gedoen het om Chris se karakter te beskerm nie. Ek is nietemin dankbaar dat die MRK nie voortgegaan het met die ondersoek en 'verhoor' van die klagtes teen Chris nie. Ek vertrou dat ons ruimte en genade sal vind om steeds as kollegas en dienaars van Christus saam te dink, te dien en te werk in God se koninkryk."

Die geskil spruit voort uit 'n *Kerkbode*-rubriek deur Janse van Rensburg oor die NG Kerk se "gesprek oor sek-



Spoegwolf se Danie du Toit oor God, kerkmusiek en 'angry emails'

Danie du Toit (regs) is die talentvolle voorbok van die band Spoegwolf, wat nie net puik musiek maak nie, maar ook 'n innoverende digitale aanslag het om 'n gehoor te bou by hulle betaalmuurwerk diervier.com. Jacobie M Helena het hierdie millennial-liedjieboer 'n paar vrae gevra. – Bl 5.

Foto: Marguerite van Eeden



Ds Nelis Janse van Rensburg



Dr Chris van Wyk

sualiteit". Die opiniestuk is op 17 September 2018 op www.kerkbode.co.za gepubliseer.

Van Wyk is beskuldig van haatspraak op grond van sy reaksie op die moderator se standpunt en spesifiek die paragraaf waar Janse van Rensburg skryf: "Ek is oortuig dat seksuele oriëntasie 'n goeie gawe uit God se hand is wat ons met dankbaarheid mag ontvang en met

sorg moet koester. Gay mense moet versoen word met die gawe van hulle seksuele oriëntasie. Hulle is net so deel van God se skepping soos heteroseksuele mense. Ek is ook oortuig dat sonde gemeet moet word aan hoe ons leef, en nie aan ons seksuele oriëntasie nie. Sonde is onder meer wanneer 'n daad of 'n aksie iemand anders benadeel, skade aan

Na bl 5

Brief uit 'n gemeente: Eenwording wink op Touwsrivier

Ons laat net weet dat die proses om een nuwe saamgevoegde gemeente op Touwsrivier te vorm 'n belangrike mylpaal bereik het. Na drie jaar van saam loop en praat, saam Bybel lees en bid, word die NG Kerk en die VGKSA Touwsrivier DV op 25 Oktober 2020 amptelik een nuwe saamgevoegde

gemeente in terme van die Tussenorde.

Ons gaan hierdie geleentheid vier met 'n erediens wat om 10:00 begin by die NG Kerk in Janestraat, Touwsrivier. Die moderator van die VGK Kaapland, dr Llewellyn MacMaster, sal die prediker wees. Ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die NG Kerk, sal die nagmaal-

viering lei. Groeteboodskepe sal deur verskillende persone oorgedra word.

Ongelukkig kan ons nie sê almal is welkom nie, as gevolg van die inperking, wat bywoning tot 250 persone beperk. Ons werk egter aan 'n plan om bywoning te verdubbel deur die aangrensende kerksaal ook te benut.

Belangstellendes kan vir Marlene van der Bank, skriba van die NG Kerk, by ngktouws@gmail.com en by 083 272 2114 kontak.


● Die taakspan op Touwsrivier wat hierdie proses begelei het, is baie dankbaar dat ons sover kon kom. Al die eer kom die Here toe.

Die 2021 Jaarboek sal beskikbaar wees vanaf 15 Januarie 2021.

Plaas jou bestelling
voor 15 Desember.

Jaarboek van die NG Kerke bevat die sinodale, rings-,
gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk,
NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa
en familiekerke in die buiteland.

Jaarboek van die NG Kerke 2021 verskaf al langer as
160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie
aan predikante, kerkkantore en lidmate.



*** Beperkte
voorraad
beskikbaar!**

2021 Jaarboek

1-3 BOEKE: R365 elk

4+ BOEKE: R345 elk

CD: R285 elk

Let wel: Die CD kan NIE opgedateer of gekopieer word nie.

BOEK EN CD: R435 per stel

Plaasaanvalle en geweld in Suid-Afrika

Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Moderamen van die NG Kerk in Wes-Kaapland, skryf as volg: “Die NG Kerk is diep besorgd oor die onberekenbare impak van plaasmoorde op ons landbougemeenskap.

“Die wreedheid waarmee weerlose mense vermoor word, is skrikwekkend. Die impak op gesinne, uitgebreide families en totale gemeenskappe is vernietigend vir vertroue en vrede.

“Op ’n tweede vlak het dit ook buitengewone gevolge vir die moraal van ons nasie, voedselsekureit en die herstel van die menswaardigheid van alle mense in ons land. Ons was bemoedig deur die

onlangse aanduidings dat die regering met beter planne vorendag sal kom.

“Die hoop op ’n gekoördineerde verset van die gemeenskap en die veiligheidsliggame in ons land het opgevlam. Landbou-organisasies en selfs politieke partye het hierdie hoop versterk met hulle positiewe reaksie op die regering se planne en inisiatiewe. Hierdie planne moet nou geaktiveer word. Dit is ’n saak van dringendheid.

“Intussen duur die vlag van moorde op ons plase egter voort. Ons verstaan dat plaasaanvalle in die eerste plek ’n misdaadverskynsel is. Dit tref immers ook landbouers en werkers van alle

rasse. Daar is egter ook aanduidings dat daar op plekke rassewoede in spel is. Oor beide verskynsels moet nou in elke dorp en plek gesprek gevoer word.

“Alle Suid-Afrikaners behoort saam te staan teen moord en geweld. Daar is geen regverdiging daarvoor nie. Dit is nie net die taak van die polisie om mense te beveilig nie. Alle Suid-Afrikaners sal moet opstaan en saamstaan om mekaar te beveilig. Die bou van verhoudings oor alle grense, die deel in mekaar se brootheid en nood, die afbreek van onmenslikende stereotipes, die bou van brùe en ordelike sosiale druk met die oog op ’n gedissiplineerde en ordelike samelewing

is nou ons almal se opgaaf. Gelowiges en geestelike leiers behoort hierin die voor- tou te neem.

“Die ongekende hoeveelheid moorde en geslagsgeweld in ander gemeenskapsverbande is net so sorgwekkend. Selfs kinders beland dikwels in die spervuur en word misbruik. Ons is ’n beter land en samelewing aan mekaar verskuldig. Wanneer geweld met geweld bestry word, ontstaan spirale van geweld. Niemand kan dit bekostig nie. Ons het dit al in Suid-Afrika beleef. Ons behoort van beter te weet. Ons moet juis bou aan dissipline, orde en vrede.”

– BRON: *VrydagNuus*, 9 Oktober 2020

A call for ecumenical action against rural violence

The Dutch Reformed Church is aware of the vulnerability of rural communities who often do not enjoy the normal protection of urban and suburban protection services.

Rural farmers, farm workers and farming communities are especially vulnerable as they are isolated and far from essential services such as emergency medical care, fire and police services. Farmers and their workers are easy targets. Crime statistics do not reflect the sense of insecurity experienced by the farming community. Farm attacks and murders, as well as the high levels of stock theft and property-related crime, have brought the mood in many places to a breaking point. The events which played itself out on the 4th of October in Senekal in the Free State are a stark reminder of this fact.

The Dutch Reformed Church took notice of these events and realised with great concern that these protests have the potential to spiral irretrievably out of control.

The Dutch Reformed Church therefore calls on its members to deal with protests within the laws of our country. The damage inflicted to state property and efforts of unlawful entry into the Senekal court building are totally unacceptable and irresponsible.

The DRC is also profoundly worried about the racial incitement caused by the incident. To raise the suspicion and mistrust between races will not serve the actual purpose to prevent violence and murder. We ask everyone to refrain from the posting of messages on social media which could lead to the escalation of racial hate and violence. According to Dutch Reformed Church members, who were present on the 4th of October, various inaccurate accounts of what happened in

Senekal were shared on social media. Fake news subsequently led to emotional and inflammatory comments which are devastating for the social cohesion which we aspire to build in our country.

Any type of violence against women, children, farmers and their workers is abhorred. The Dutch Reformed Church has in the past consistently spoken out against all forms of violence. In this regard the current spate of farm attacks must be condemned at all cost as cruel and barbaric. The church wants to encourage her members involved to contribute to the legal process currently underway.

When farmers or farmworkers are killed, the entire nation should be outraged. It destroys rural neighbourhoods, leaving in its trail destruction, devastation and debilitating consequences beyond measure. Attacks on farms threaten food security, employment figures and the economy of our country. Both farmworkers and farm owners are of equal importance in the agricultural chain. Each assault on the farming community is one against the country, black and white.

The Dutch Reformed Church welcomes the considerable attention that was shown by the president and vice-president as well as various government officials, in the condemnation of farm attacks. But there must be new momentum in efforts at government level to find solutions. The implementation of the Revised National Rural Safety Strategy must be applauded and supported. The police must be thanked for the speedy manner in which the suspects, in the case of the murder on Brendin Horner and others, were apprehended. – **Dr Gustav Claassen, General Secretary of the Dutch Reformed Church.**

• Lees die volledige verklaring op kerkbode.co.za

Streeksinode vra vir gebed en eis optrede

Ná die moord op ’n 21-jarige plaasbestuurder van Paul Roux en te midde van die daaropvolgende konflik by die landdroshof op Senekal in die Vrystaat het kerkleiers in dié provinsie onlangs lidmate gevra om hande te vat “en te bid dat die Here ’n laer van engele rondom ons elkeen sal oprig”.

“Ons sukkel om ons emosie oor hierdie sinnelose daad in woorde om te sit, maar wil langs hierdie weg vir die familie en vriende van die jong Brendin (Horner), die gemeente en gemeenskap van Paul Roux en die landbougemeenskap van ons geliefde provinsie verseker van ons opregte meeleving,” lui ’n brief wat leiers van die NG Kerk se streeksinode op 6 Oktober aan leraars, kerk-

rade en lidmate gestuur het. “Ons huil as NG Kerk Vrystaat saam met julle.”

“Dit is nou tyd om op te tree en ons doen ’n ernstige beroep op die president, regering en verantwoordelike partye om op te tree,” luidens die brief wat onder meer deur dr Pieter van Jaarsveld, voorsitter van die streeksinode, onderteken is. Hy het tesame met ander ondertekenaars versoek dat lidmate volhou om te bid vir boere, plaasarbeiders, plase en die landbougemeenskap as ’n geheel.

Netwerk24 het op 7 Oktober berig hoe ’n dag vol “hoogdrama” in Senekal verloop het, waar woede – veral jeens Bheki Cele, minister van polisie – ná die hofverskyning van twee vermeende plaasmoordenaars in verband met Horner se dood, hoog geloop het.



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in ’n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal ’n geestelike tuis en ’n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie ’n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir ’n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir ’n meer kontempêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons ’n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig. Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en dr Herman Nienaber**

Facebook: **Kerk in die Stad.**

Webblad: www.perthunitingchurch.com.au

E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au



Kreatiwiteit bring konkrete oplossings vir kerkwees

“Maybe this is only the beginning?”

Só het dr Frederick Marais, voorsitter van die Algemene Kuratorium, die onlangse VBO-kursus oor Design Thinking (DT) by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington, afgesluit. DT is ’n mens-gefokusde kursus wat deelnemers begelei om probleme op kreatiewe maniere op te los. Die groep leraars het tydens dié driedagkursus geleer om die kreatiwiteit, wat in elke mens opgesluit is, onder streng tydbepoeringe te ontsluit en met konkrete oplossings na hulle gemeentes en gemeenskappe terug te keer. JACOBIE M HELENA het met vier deelnemers gesels.

ANDRI ELOFF

Wat was die hoogtepunt van die Design Thinking (DT)-kursus vir jou persoonlik?

Die ontdekking dat ons soms stry met vrae, behoeftes en uitdagings en nie besef dat die uitkoms, plan, antwoord hier naby, rondom en selfs ook binne ons is nie.

Wat is die grootste les wat jy tydens die kursus geleer het wat jou in jou gemeente kan help?

Netwerk, netwerk, netwerk. Saam is ons beter. Saam sien ons beter.

Watter voorstelle kon julle ontwikkel in die drie dae?

Ons het ’n proses ontwikkel waarin ons gemeenskapleiers wil innooi om in veilige ruimtes oor ’n periode van ses weke te reis en op so ’n manier genesing oor grense te vind sodat gemeenskappe kan floreer. Ons is meer as ons verlede, foute, ras, taal, gebreke en geslag.

RIAAAN ESTERHUYSE

Wat is die grootste les wat jy tydens die kursus geleer het wat jou in jou gemeente kan help?

Ek dink dit is baie belangrik om baie goed en deeglik na mekaar te luister en seker te maak dat jy presies verstaan wat die ander persoon vir jou wil sê. Deur empaties na mekaar te luister word baie moontlikhede moontlik gemaak.

Wat het die kursus jou van kreatiwiteit geleer?

Die kursus het my geleer dat mense meer kreatief is as wat hulle dink. Groepwerk het definitief kreatiwiteit verhoog. Deur te kyk hoe mense op ’n kreatiewe manier hulle gedagtes uitpak en dit dan visueel binne ’n program verpak was vir my uiters stimulerend en interessant.

NATHANIA HENDRIKS

Wat is die grootste les wat jy tydens die kursus geleer het wat jou in jou gemeente kan help?

Kreatiwiteit is ’n proses wat verhoudings verg.

Watter oplossing of voorstelle kon julle ontwikkel in die drie dae?

Tydens die proses het die groep die keuse gemaak om spesifiek na konteks en die verstaan van konteks binne die storie van die gemeente te kyk. Hierdie eerste stap vorm dan deel van ’n meer indiepte ontdekkingsreis wat gemeentes kan neem om hulle eie verhouding met jeugbediening beter te verstaan. Die groep het op ’n kreatiewe en innoverende wyse ’n prototipe ontwikkel wat op ’n intergeneratiewe vlak gemeentes begelei.

As jy die DT-kursus in een sin moet opsom, hoe sal jy dit beskryf?

Die Design Thinking-kursus nooi jou uit om op ’n kreatiewe wyse buite die boks te dink oor uitdagings, oplossings en terselfdertyd eienaarskap te neem, wat lei tot aksie.

Wat het die kursus jou van kreatiwiteit geleer?

Kreatiwiteit het baie te doen met perspektief, dit is ’n liminale spasie waar beide die vraag en die antwoord leef.

DEWALD HOFFMANN

Tydens die sessies het elke groep spesifiek op uitdagings in die gemeenskap of gemeentes gefokus. Wat was jou groep se uitdaging?

Hoe skep ons volhoubare gemeenskappe? Ons het die drie e’s, naamlik ekologie, ekonomie en ekumene ondersoek.

Watter oplossing of voorstelle kon julle ontwikkel in die drie dae?

Ons het ’n sosiale besigheid voorgestel wat gesentreer het rondom die vervaardiging van eco-bricks as ’n manier om gemeenskappe skoon te maak en om dit as ’n tool te gebruik om bewustheid oor rommel in ons gemeenskappe te kweek.

Wat is die grootste les wat jy tydens die kursus geleer het wat jou in jou gemeente kan help?

’n Mens moet nie bang wees om iets te probeer nie. Wat jy probeer gaan heel moontlik misluk, maar dat jy na die mislukking aanpassings kan maak en weer probeer. In ons kerktradisie in Suid-Afrika is ons so bang om te misluk terwyl dit eintlik meer nodig is om te misluk sodat ons kan leer en groei.

As jy die DT-kursus in een sin moet opsom, hoe sal jy dit beskryf?

DT is vir my ’n poging om innoverend te dink oor uitdagings in ons konteks.



Só kan jy ander in hul geloof bemoedig

Bybel-Media het besluit om in hierdie uitdagende ekonomiese tyd uit te reik na Suid-Afrika se aftreoorde, versorgingsoorde en tuis vir bejaardes.

Die plan is om ondersteuners van Bybel-Media se visie die kans te gee om betrokke te raak deur ’n boks geloofsboeke by ’n tuis of oord van die donateur se keuse af te lewer.

“Skenk die koerierkoste van R99 en ons skenk ’n boks vol Christelike boeke en Bybels,” verduidelik Hannelie Matthee, finansiële bestuurder en donateur-skakelpersoon by die maatskappy.

Kerkbode wou by die projekspan hoor: Gestel ek wil iemand in ’n afgeleë tuis, byvoorbeeld op die platteland, bereik, sal dit ’n probleem wees? “Dit is

glad nie ’n probleem nie, die bokse word gekoerier en ons wil graag so veel moontlik areas in die land bereik om so ’n groot moontlike impak te maak,” verduidelik die projekspanwoordvoerder.

So wat is in die bokse? Elke pakkie bevat geestelike boeke, Bybels en Bybelstudies. “Ons sluit ook ’n paar eksemplare van die boek *Lewensleer* in. Die *Lewensleer* is spesiaal ontwerp om mense te help beplan vir die onverwagte gebeure van die lewe en seker te maak al hulle papierwerk is in orde en maklik om in die hande te kry.”

Indien jy wil help, stuur vandag nog jou inligting aan hannelie.matthee@bmedia.co.za en ons kontak jou.

● Kerkbode is ’n Bybel-Media-publitasie.



Personeel van Bybel-Media is hard besig om die bokse te verpak.

Van bl 1

doen, seermaak, uitbuit, misbruik en dus menswaardigheid aantas.”

Van Wyk sê daar is sielkundiges wat sê dat pedofilie ’n oriëntasie is. Aan ’n Netwerk24-verslaggewer het Van Wyk verlede jaar sy standpunt probeer toelig: “Ek het nie ’n vergelyking tussen selfdegeslagverhoudings en pedofilie getref nie. Ek het gesê indien alle seksuele oriëntasies ’n geskenk van God is, soos ds Nelis Janse van Rensburg volhou, hy alle seksuele oriëntasies, soos pedofilie, moet insluit om konsekwent in sy argument te wees.”

QWB het by navraag oor die jongste wending in die saak gesê “om pedofilie in dieselfde asem met selfdegeslagverhoudings te noem, is inderdaad problematies en herinner aan stereotipes wat eeue lank homofobie aangeblaas het.”

Kerkbode se pogings om vandeeweek kommentaar by die MRK te kry, was teen saktid onsuksesvol. Ook QWB het teen laat Woensdag (14 Oktober) nog nie direk by die Grondwetwag hond gehoor waarom die klag nie verder ge-

neem sal word nie. “Ons wag nog op volledige kommunikasie vanaf die MRK. (Ons) gee erkenning aan die emosie in dr van Wyk se verklaring en besef dat hy ’n uitdagende tyd deurmaak het. Ons verwag daarom ook dat hy erkenning sal gee aan die pyn wat sy destydse woorde oor ’n breë front in kerklike geleedere en in die samelewing tot gevolg gehad het. Ons vertrou dit het hom tot nadenke die afgelope tyd gestem.”

Van Wyk was veral krities teenoor kerkleiers in die verklaring wat Robin O’Brien en Keith Matthee SC namens Van Wyk uitgereik het. *Kerkbode* loop eweneens deur vir dié se rol in die saak. *Kerkbode* het in 2018, in die kielsog van Van Wyk se opmerkings, berig dat die Sielkundige Vereniging van Suid-Afrika se Afdeling vir Seksualiteit en Gender in ’n omvattende verklaring onder meer gesê het: “Psychology does not see pedophilic disorder as a sexual orientation. Neither is pedophilic disorder seen as something good, but, rather, as inherently negative.”

Die MRK word op hulle beurt deur Van Wyk daarvan beskuldig dat hulle gebruik is om die agenda van QWB te bevorder. Die MRK se optrede word as “deeply disturbing” beskryf. “Central to such an institution (soos die MRK) is total independence from all agendas and a diligent resolve to protect the dignity and freedoms of all South Africans. In this regard, South Africans need to take heed of the following words of Martin Niemöller – a paraphrase is:

“First they arrested the Communists – but I was not a Communist, so I did nothing. Then they came for the Social Democrats – but I was not a Social Democrat, so I did nothing. Then they arrested the trade unionists – and I did nothing because I was not one. And then they came for the Jews and then the Catholics, but I was neither a Jew nor a Catholic and I did nothing. At last they came and arrested me – and there was no one left to do anything about it.”

Janse van Rensburg het wel aspekte van Van Wyk se wydlopende verklaring ontken, naamlik dat kerkleiers en QWB

kop in een mus is. “Die NG Kerk se leierskap deel beslis nie ’n narratief met die genoemde entiteit (Queers without Borders) nie. Hierdie opmerking openbaar weinig insig in die besluite en prosesse van die NG Kerk. Die enigste amptelike standpunt van die NG Kerk is dié van die Algemene Sinode 2019 naamlik dat daar ruimte gemaak word vir die, in hoofsaak, twee standpunte in die kerk.

Binne die leierskap van die kerk is daar mense wat heelhartig met Chris se standpunt saamstem en ander wat die ander standpunt huldig. Dit maak gewoon net nie sin om te beweer dat die leierskap van die NG Kerk sodanige narratief sou ondersteun of ’n aksie teen Chris sou onderneem nie.” Ook die vergelyking met die teoloog Beyers Naudé word herbesoek. “Van Wyk en dr Beyers Naudé se posisies is op geen manier vergelykbaar nie. Daar is immers baie persone in die kerk wat Chris se standpunte deel, maar hulleself tuis vind binne die 2019-besluit van die Algemene Sinode,” aldus Janse van Rensburg.

Om in eerbied te wonder

Met die woorde van Lied 464 uit die Liedboek sluit die bekende Afrikaanse band Spoegwolf hulle jongste album *Wind af*. “O Heer my God, as ek in eerbied wonder en al u werke elke dag aanskou. Die son en maan, die aarde, sterre, wolke, hoe U dit elke dag so onderhou.” *Kerkbode* het ’n paar vrae aan die energieke hoofanger Danie du Toit gestel.

Die liedjie “Slot van die Paarl” op julle nuwe album, *Wind*, klink of dit so reg uit ’n NG Kerk-erediens kom?

Dit is ’n NG Kerk liedjie uit ’n erediens! Ons het dit in die NG Kerk record terwyl ons besig was om op te warm. Dit was impromptu en so lekker en ’n lekker manier om die album mee af te sluit.

Jou oupa is ’n NG emerituspredikant. Hoe sou jy jou pad met die NG Kerk en geloof beskryf?

My oupa is steeds ’n aktiewe predikant en preek op die oomblik by die NG gemeente Strooidakkerk in die Paarl. Hy is ’n groot inspirasie vir my. Ons verhouding het baie te doen met my geloofspad.

Daar word gereeld in Spoegwolf se musiek na God verwys. Wie is God vir jou en hoekom sluit julle gereeld vir God in julle lirieke in?

Daar is nogal baie verwysings na God in ons musiek. Ek weet nog nie presies wie God is nie. Ek dink nie enige iemand weet presies wie God is nie, maar God is iets wat ’n groot tema in my lewe

is. Oor hoe ek dink. En ek dink jy moet skryf hoe jy dink.

Julle was familievriende met wyle teoloog en joernalis dr Gerrit Brand. Speel hy nog ’n rol in jou siening oor geloof, teologie en digkuns? Wat het jy by hom geleer wat jy met jou saamdra?

Gerrit was ’n groot inspirasie vir my en is steeds vir my op baie maniere ’n kompas oor hoe om te dink, om te skryf of hoe om jouself aan mense oor te dra. Hy was net vir my die definisie van ’n gentleman.

Watter boek lê langs jou bedkassie?

Langs my bedkassie lê daar ’n paar boeke deur JD Salinger. Hy was nog altyd my gunstelingskrywer.

Indien al die inperkingsmaatreëls opgehef word, waarheen sal jy eerste oorsee wil reis?

Ek sal baie graag Londen toe wil gaan. Ek was laasjaar daar saam met (my meisie) Marguerite en dit was so ’n spesiale tyd en ek sal dit baie graag weer wil doen.

As daar een ding is wat jy in Suid-Afri-

ka kan verander om vrede te bewerkstellig, wat sal dit wees?

Ek dink nie dit is moontlik om met een ding vrede te bewerkstellig nie. Ek dink vrede is iets wat ’n lang tyd vat en stukkie-vir-stukkie opgebou moet word. Dit is nie iets wat sommer vinnig gebeur nie. Ek sou wou hê mense moet oor die algemeen meer saam aan vrede bou.

Wat doen jy om lal te wees?

Om lal te wees reply ek op angry e-mails. As mense een of ander waarskuwing vir my stuur of net sê dat ek geld skuld êrens of net ongeskik is dan laat dit baie beter voel om vir mense dan ’n e-pos terug te stuur en hulle te herinner hoe hulle e-posse aan mense stuur.

Radiokansel 657 AM stel nuwe uitvoerende hoof aan

Ds Karel Verhoef (foto), voormalige bedryfshoof van Radiokansel 657AM, is as die nuwe hoof-uitvoerende beampte (HUB) van die Christenradiostasie aangestel. Dit volg na die uittrede van dr Roelf Petersen uit sy pos as uitvoerende direkteur van die Kansel Media Groep (KMG), na twintig jaar diens.

Verhoef werk reeds 24 jaar by Radiokansel en het uitgebreide kennis van die stasie se bedrywigheede, luidens ’n verklaring wat op 15 Oktober uitgereik is. Hy is ’n geordende predikant in die NG Kerk, het ’n meesters-

graad in besigheidsadministrasie (MBA) aan die Noordwes-Universiteit (NWU) voltooi en is ’n geregi-streerde psigometris by die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoep (HPCSA).

Sy visie vir Radiokansel sluit in:

1. Om ’n betroubare, relevante en treffende Christelike mediastem in SA te wees;
2. Om ’n vinnig-aanpasbare media-organisasie in die digitale era in SA te wees;
3. Om ’n betroubare korporatiewe burger van SA te wees; en
4. Om ’n betroubare rentmeester te wees teenoor die donateurs van Radiokansel.



Wie is wie?

'n Ou vriend bel uit die bloute en ek sukkel meteens om te verduidelik waar ek my bevind: Ek staan op ruwe houtvloere in 'n klein Spartaanse vertrek met 'n reuse-glyvenster wat die oë op 'n smal rivier en reuse-berge rig. "Ek slaap oor by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit op Wellington," trek ek weg en hy val dadelik in: "Is dit iets soos 'n NG weergawe van Taizé in Frankryk?" Goeie vraag.

Spiritualiteit is 'n woord wat ek laat in die NG Kerk ontdek het, en ganse sentrums daarvoor, nog later. Hier is 'n kapel met klokslag dienste om 7:00, 12:00 en dan weer 18:00. Mans in oorpakke bou bedags aan goed wat soos labirinte lyk, lê tuine uit in die Wellington-son. Sommige besoekers is ooglopend tuis hier. Skouers lekker los, oë wat vriendelik skreef agter maskers wanneer hulle woordeloos groet langs die opskeptafel waar ontbyt soggens in stilte plaasvind. Kaalvoet luister een na die oggenddiens terwyl die son perfek op die "liturgiese ruimte" val deur die lang kapelvenster. Ander bieg hulle is soms vreemdweg gespanne weens iets van die nuwigheid, selfs aardigheid, en dit vat ook maar 'n ruk om in te settle.

Hoe breed is die menslike belewenisveld van dieselfde dinge nie. G'n wonder ons is soms gewillige prooi vir ander om ons in 'n raampie te sit en te pigeonhole nie: Elke stukkie standvastigheid help, sê die onderbewussyn dalk!

Ek kom af op 'n paragraaf oor die "geskiedenis van teologiese verskille" geskryf deur 'n span geleerdes wat 'n gespreksdokument moes opstel na die Algemene Sinode se 2019-besluite. Ek haal daaruit aan: "Vincent Brümmer, die Suid-Afrikaans gebore godsdiensfilosoof van Utrecht, skryf in sy boek *Vroom of regsinnig? Teologie in die NG Kerk* (2013) oor 'n goue draad wat regdeur die geskiedenis van die NG Kerk loop. Hy noem dit die verband tussen regsinnigheid van hart en regsinnigheid van leer.

"Die onderskeid tussen hierdie twee teologiese strominge behoort as 'n implisiete subteks in die debatte van die kerk gesien te word en kan ook dien as 'n raamwerk waarbinne die kontroerse in die kerk beoordeel kan word. Vroomheid of regsinnigheid van hart word gesien as 'n persoonlike verhouding met God en berus op die beskouing dat God nie verstaan wil word nie, maar dat God eerder bemin wil word. Hierteenoor sou dié wat kies vir 'n regsinnigheid van leer eerder klem plaas op die verdediging van die leerstelling van die kerk soos neergelê in die belydenisskrifte."

Dan vat die skrywers saam in die woorde van Chesterton: "Vir sommige mense is geloof 'a thing like a love affair' en vir ander 'a thing like a theory.'" Dit mag wees. Maar in die kapel – met oggenddiens – gebeur dit so: Die son skyn reg van voor en almal om my raak silhoeëtte; en jy't g'n idee wie is wie nie.

Carin van Schalkwyk
OP DIE KERKSTOEP

Om eerlik oor ons wonde te wees

Senekal se gebeure moet ons belangrike vrae laat vra. Dit was nie net 'n situasie waar humeure oorgekook het nie. Dit was nie 'n situasie van wetteloosheid of rassisme nie. Senekal en Brendin Horner se dood verteenwoordig iets veel groter. Dit moet ons laat vra na wat agter alles lê. Waarom het dit gebeur? Die saak wat ons in die oë moet kyk, is trauma. Daar sit 'n diepgewortelde trauma in die psige van die Afrikaner. Hierdie trauma kom 'n baie ver pad.

Dalk is dit goed om 'n paar oomblikke net na te dink oor die trauma wat in ons almal se menswees en psige ingebou is. Reeds van skooldae af het ons gehoor van die oorloë op die grens van die Oos-Kaap. Dit was hoofsaaklik boere en hulle gesinne wat aangeval is. Dit was ook een van die redes vir die Groot Trek. Tydens die Groot Trek was die veiligheid van die Trekkers weer 'n kwesie. Skaars het hulle hulle gevestig in die ou Transvaal en Oranje-Vrystaat of die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë breek uit. Tydens hierdie oorloë is dit weer die mense op plase, wit en swart, wat die teikens van die verskroeiende-aarde-beleid geword het. Vroue en kinders is weggevoer en in konsentrasiekampe geplaas, waar hulle in hulle duisende

gesterf het. Dit was weer 'n belewenis dat die Afrikanermans nie hulle vroue of eiendom kon beskerm nie. Van ons sal nog onthou dat ons oumas en oupas verhale vertel het van wat gebeur het in die Tweede Vryheidsoorlog. Dit het deel van ons verhaal geword en ons ge-

Wat vir my met die gebeure in Senekal uitgestaan het, was die feit dat die meeste van die mans wat daar bymekaar was, die profiel het van 'n oud-dienspligtige en iemand wat iewers 'n ouma of 'n oupa gehad het wat in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het. Trauma is dus deel van hulle totale menswees. Dit is belangrik dat ons dit raaksien en erken dat trauma iets is wat individueel en kollektief hanteer moet word.

Die woord "trauma" beteken om 'n wond te hê. Dit kan 'n fisiese wond wees of 'n emosionele wond. In hierdie geval is dit psigiese wonde wat na vore kom en wat weer vererger word met elke plaasmoord. Die dood van die jong Brendin Horner herinner sterk aan die nuusberigte wat tydens die Bosoerlog ontvang is van 'n jong man wat in kontak gesterf het ...

Daar word gevra wat die kerk doen. Die kerk is die mense, elke lidmaat. Dalk moet elke lidmaat vir 'n slag eerlik wees oor hulle psigiese wonde. Die kerk as instituut kan help deur na die verhale van verwondheid te luister en om ruimtes te skep waar daarvoor gepraat kan word. Die kerk kan help deur te bid en saam te bid, die kerk help reeds deur teenwoordig te wees tydens elke plaasaanval.

► Dr Carin van Schalkwyk is skriba van Vrystaat Sinode.

KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



vorm oor hoe ons dink. Die laaste groot insident van trauma wat ons almal aan deel het is die Bosoerlog in Angola. Baie van die dienspligtiges het met post-traumatische stres teruggekom en dit is nooit hanteer nie. Niemand praat oor wat op die grens in Angola gebeur het nie.

Marileen Steyn
JY SWOT WAT?

Wat beteken dit om wit te wees? Wat beteken dit om wit én 'n Christen te wees? Dit is die tipe vrae wat dr Cobus van Wyngaard interesseer. In sy PhD, getiteld "In search of repair: Critical white responses to whiteness as a theological problem – a South African contribution", ondersoek Van Wyngaard wit Christene se pogings om hulle identiteit te (laat) verander. "Christen-wees is identiteitsverandering," vertel hy aan *Kerkbode*. "Maar dit is nie iets wat ons self kan doen nie. Wat ons kan doen, is om die struikelblokke wat hierdie verandering

kan verhinder, te verwyder." Die uitdaging aan Christene is hoe om só wit te wees dat hulle in vrede en versoening saam met ander kan leef.

Die woord "saamleef" som die motivering van sy navorsing op. Hy is diep oortuig dat wit Christene nie bonuspunte kan verwag of kry as hulle met ander rasse saamleef nie. Wat tans dikwels as buitengewone optrede gesien word, insluitend om in vrede ruimtes met mekaar te deel, moet volgens hom genormaliseer word. Om dit reg te kry, moet die gesprekke rondom wit-Christen-wees krities ondersoek word – nie net deur

swart teoloë soos dikwels die geval is nie, maar ook deur wit Christene.

In sy verhandeling kyk Van Wyngaard krities na 'n aantal stemme wat oor wit-wees gesels en hy tel drie lyne wat die stemme in gemeen het, op. Die eerste lyn handel oor die noue verband tussen witheid en ons idees van verlossing. Die tweede, oor ons idee van menswees en die wyse waarop dit met ras deurweef is.

Die derde lyn wat hy opgetel het, is ook vir Van Wyngaard die mees betekenisvolle: dié van plek. Plek is nie net betekenislose ruimtes nie, maar is met ras

Teologiese



'Study war no more'

Wraak is gewild. Dink maar aan talle fliks, boeke en TV-reekse waarin die tema 'revenge' na vore kom. Die klassieke werk van Alexandre Dumas (1802-1870), *The Count of Monte Christo* (1844), staan waarskynlik uit – en sou ook allerlei moderne stories oor weerwraak inspireer, soos die TV-reeks *Revenge* (2011-2015). Die patrone van wraak en wraaksiklusse wat dikwels oor generasies strek (soos by vendettas of bloedvetes tussen families), blyk 'n onderwerp te wees wat mense oor die eeue heen, en oor die wêreld heen, fassineer. Ons praat daarvan dat iemand 'hulle verdiende loon kry'. Hoe maklik troos ons onself daarmee dat 'die wiel draai'.

Wraak is ook 'n interessante onderwerp vir studie. So vra die Amerikaanse sielkundige Michael McCullough in sy boek, *Beyond revenge* (2008), 'n belangrike vraag: Waarom is die begeerte om wraak te neem so 'n groot versoeking? Hy wys daarop dat die begeerte om onself te wreek, en die dra van 'n wrok, dikwels misverstaan word en summier

afgemaak word as 'n 'siekte' en 'n 'gif' waarvoor vergifnis en versoening die 'teengif' en 'medisyne' is. Ons behoort egter eerder *dieper* na hierdie behoeftes en begeertes na wraak en weerwraak te kyk, argumenteer hy, en te probeer verstaan wat aanleiding gee daartoe dat ons te na gekom en geskend voel. McCullough argumenteer dat wraakgierigheid 'n doel gedien het onder ons voorouers, as 'n manier waarop sosiale dilemmas opgelos kon word.

Daar is talle verhale van wraak in die Bybel. Ons sou kon dink aan die sogenaamde *lex talionis* (die wet van vergelding) in Levitikus 24:17-22, waarin die terme en voorwaardes vir vergeldingsdade uiteengesit word. Dikwels word daar dan uitgewys dat sulke wette juis die omvang van die vergeldingstraf wou beperk tot dit wat billik is, en niks meer nie. 'n Lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand; dieselfde oortreding wat gepleeg is, word die straf vir die een wat oortree het – en niks meer nie.

Ons sou kon dink aan spesifieke karakters en verhale in die Bybel, wat

wraak pleeg. Dink aan die verhaal van Dina, wat verkrag word en wie se broers Simeon en Levi hulle wreek op haar verkragter (Genesis 34). Dink aan die verhaal van Josef en sy broers wat hom uitverkoop, en wat bang is dat Josef hom op hulle sal wreek (Genesis 50). Dink aan Simson wat God om krag vra sodat hy hom op die Fillistyne kan wreek (Rigters 16). Dink aan Absalom, wat hom wreek op sy halfbroer Amnon vir die verkragting van hulle suster Tamar (2 Samuel 13). Dink aan Isebel wat 'n wrok teen Elia dra, vir die moord op haar priesters (1 Konings 19). Dink aan Herodias, wat 'n wrok teen Johannes die Doper dra, en wat uiteindelik sy lewe laat neem (Markus 6). In al hierdie verhale is die konteks deurslaggewend: Dikwels het ons dan ook simpatie met die wraakgieriges, wie se wrok verstaanbaar mag wees en wie se wraak daarom regverdiger vir ons lyk. Hulle wraak ontlok dalk by ons simpatie en begrip, en selfs respek.

Juis omdat wraak so rég kan vóél, en rég kan lyk, en rég kan klink, het ons nie

altyd aptyd vir vergifnis en versoening nie. Ons is nie altyd lus vir Jesus se herinterpretasie van die *lex talionis* in Matteus 5 nie, en bowenal nie vir die opdrag dat ons nie moet terugbaklei nie (vers 39). Ons wil nie noodwendig hoor dat vergelding nie 'n opsie is nie, en wil nie weet dat ons sover dit van ons afhang in vrede met almal moet saamleef nie (Romeine 8:17-21). Soms wil ons eerder die konflik hê; en eerder uiting gee aan ons ontsteltenis, verontwaardiging en woede.

Dit sou in hierdie dae maklik wees om ons te onttrek in nouer verbande van bloed en groep (Hervormingsdaggetuies 2017). Ons sou die trotse taal van oorlog, en geweld, en oorwinning kon praat. Ons sou kon dreig, ons sou kon beledig, ons sou ons woede kon regverdig en regpraat. Ons sou kon handel in haat en pendel in oorlog. Ons sou vyandskap, en agterdog, en wraak kon aanstook. Ons sou ons gemeenskap – ook in die kerk – stadig maar seker daarmee kon vergiftig. Ons sou wapens kon opneem. Maar ons hoef nie. Ons kan vry wees van die geweldsiklusse waarin wraak en vyandskap ons inbind. Christus, die Vrededors, neem alle haat en hoon en wraak op Homself; en deurbreek en onderbreek daarmee nie net ons vyandskap met God nie, maar ook ons vyandskap met mekaar.

'n Bekende Amerikaanse spirituele lied se refrein lui: "I'm gonna study war no more" ('n verwysing na Jesaja 2:2-4). Om te pendel in liefde en genade vra dat ons sekere goed afleer, soos om oorlog te maak en wraak te neem. *Let us study war no more.*

► Dr Nadia Marais doseer *Sistematiese Teologie* aan die Universiteit Stellenbosch.

Soms wil ons eerder die konflik hê; en eerder uiting gee aan ons ontsteltenis, verontwaardiging en woede. Ons sou wapens kon opneem. Maar ons hoef nie. Ons kan vry wees van die geweldsiklusse waarin wraak en vyandskap ons inbind.

gesprekke oor wit-wees

In dié rubriek gesels die skrywer met PhD-studente oor interessante navorsingsonderwerpe.

en identiteit gevul. In die geskiedenis is ras met plek gedefinieer en vandag steeds is ras en plek diep verweef. Van Wyngaard beklemtoon dat plek en identiteit fundamenteel mekaar beïnvloed.

"Strukture is belangrik, maar as ons verandering wil sien, moet ons begin kyk na die plekke waar ons bly en beweeg." Dit gaan nie vir hom oor waarheen wit Christene uitreik nie, maar na waar mense gaan en bly as hulle 'n keuse het. Watter woonbuurte, skole, kerke en plekke van sosialisering mense kies, bepaal hulle identiteit maar ook hulle beeld van hoe die land (moet) lyk en werk.

Wat die gebeure in Senekal en die gesprekke rondom rasseverhoudings wat daaruit spruit, betref, wil hy nie te vinnig kommentaar lewer nie. Hy meen eerder dat dit belangrik is dat ons nie dadelik oor of namens gemeenskappe praat nie, maar eerder met gemeenskappe.

Van Wyngaard praat nie vanuit 'n plek van alwetendheid nie, maar vanuit sy eie wroegings en gesprekke. Hy is opreg in sy soeke na wat dit kan beteken om vandag as wit Christen saam met ander te leef. Dit is vanuit hierdie soeke wat hy 'n uitnodiging aan wit Christene rig: "Gaan daar buite na ongemaakte

plekke toe sodat jy verander kan word."

● Dr Cobus van Wyngaard het in Desember 2019 sy doktorsgraad gesamentlik van die Vrije Universiteit in Amsterdam en Unisa verwerf. Hy is tans 'n dosent by Unisa en is as predikant aan die NG gemeente Pretoria gekoppel. Kontak hom gerus by cobus.w@gmail.com vir sy doktorsgraad of verwante artikels.

► Marileen Steyn is tentmakerleraar van NG Saldanha met 'n spesifieke fokus op jeugbediening.

□ Het jy 'n storievoorstel vir hierdie rubriek? Kontak die skrywer by marileen.steyn@gmail.com



Dr Cobus van Wyngaard



Lekkerlees: Skryfsels rol in vir *Kerkbode*-kompetiese

Hieronder publiseer ons voorlopig van die inskrywings wat ons ontvang het vir *Kerkbode* se skryfkompetisie.

Ons het die sluitingsdatum geskuif na 23 Oktober en deelnemers kon in een of meer van drie kompetisiekattegorieë inskryf:

- 2020: Insigte uit 'n annus horribilis.
- Hoe lyk 'n inklusiewe kerk?
- Só lei die Bybel my besluitneming in my alledaagse lewe.

Ons doel met die kompetisie is duidelik nie net om van R3 000 se prysgeld ontslae te raak nie, maar om 'n kapstok vir lesersbydraes te gee wat neffens "gewone" temas op die brieweblad kan staan. Lesersbydraes en die insigte van "the people formerly known as the audience" (in mediakenners se tong-in-die-kies-taal) is toenemend belangrik vir die voortbestaan van die media. Koerante in hierdie dag en eeu is nie net praatplek nie, maar ook luisterplek.

Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel vir nog bydraes en hou *Kerkbode* dop vir die aankondiging van die kategoriewenners. – Red.

Liefde sê: Almal is in ...

Johan Orsmond van Somerset-Oos skryf:

Ek en my seuntjie Joshua kyk een aand vir 'n movie om te kyk op Netflix. Sy oog vang die ou met die hook en sê hy wil dit kyk. Ek raak skoon opgewonde, want ek onthou die movie baie goed van toe ek 'n kind was. Ek wonder of ek als kan onthou wat gebeur het. Peter Pan, Wendy, Captain James Hook, Smee en Hook se linkerhand, want Peter Pan het dit mos afgesny en vir 'n krokodil gegee.

O ja, die 'fairy', wat was haar naam nou weer? Tinkerbelle en die verlore seuns en natuurlik die 'pirates', alles in Neverland.

Ons maak 'n kermisbed voor die TV, Mamma (Tamryn) en boetie Johan, wat sewe is, slaap sommer vinnig na 'n lang dag se werk en skool. Joshua se oë mis nie 'n oomblik nie. Die ou met die hook is scary en Joshua kruip onder die komberse weg. Is jy bang? Jy hoef nie bang te wees nie. Ewe skielik loer daar twee blou oë onder die kombers uit, nie 'n woord nie ...

Peter Pan het grootgeword, sy naam is nou Peter Panning en hy is getroud met twee kinders, vir wie hy baie lief is. Hy is 'n baie suksesvolle man, maar sonder verbeelding en vat DIE LEWE baie ernstig op, veral met sy kinders. Hulle mag net nie lekker goed doen nie. Peter het vergeet wie hy eintlik is.

Dit kos dat Captain Hook sy kinders steel en gyselaar hou om Peter weer in Neverland te kry en so die oorlog tussen goed en kwaad weer aan die gang te sit. Elke goeie 'Bad Guy' het mos 'n goeie 'Good Guy' nodig. Teen wie gaan hulle dan baklei as die opposisie nie daar is nie?

Peter moet onthou wie hy is om sy

kinders te red. Die nuwe leier, Rufio, glo nie dit is Peter Pan nie, oor die eenvoudige rede dat hy oud en vet is en nie kan vlieg nie. Rufio trek 'n lyn in die sand en sê: "Dié wat dink dat dit Peter is, bly daar en dié wat dink hy is nie, staan saam met my aan my kant". Die seuns gaan staan aan die een kant, behalwe een seuntjie wat Peter op sy knieë kry en aan sy gesig vat en trek en kyk, diep kyk en dan sê hy: "O, daar is jy, Peter." Dit maak dat die ander seuns oor die lyn stap, aan Peter se gesig vat en dieper kyk en begin glo dit is Peter Pan. Die kyk help Peter om self te glo wie hy is en dan weet hy, hy kan dit nie alleen doen nie en vra: "Help my?"

Ek dink dit is hoe Jesus na ons kyk, met die woorde: "O, daar is jy, Peter". Die seuntjie se moed om dieper te kyk, terwyl al sy vriende aan die ander kant staan, het gemaak dat Peter nie alleen was nie. Dit is die taak van die gelowiges om dieper te kyk, en mense te help om te ontdek wie Jesus hulle gemaak het om te wees. Die eenvoudige kinderlike avontuur van nuwe ontdekkings moet weer ontdek word, waar kreatiwiteit en verbeelding ons lei na wie ons veronderstel is om te wees. Daarom kan ons dit nie alleen doen nie, daarom het ons gemeenskap met mekaar nodig.

Wat is ons veronderstel om te wees? Meer soos Jesus en Jesus was mos liefde, so eenvoudig is dit om liefde te word. Liefde sê almal is in, maak nie saak of jy vergeet het wie jy is nie of selfs 'n see-rouwer met een hand en 'n hook.

Joshua sê aan die einde van die fliek: "Pappa, ek is nie meer bang vir Captain Hook nie! Hook is hartseer, want hy het nie kinders soos Peter nie." Elfuur die aand leer 'n 3-jarige my om dieper te kyk na mense, selfs die 'Bad Guy' in die movie. Liefde sê: "Almal is in ..."

2020: Insigte uit 'n annus horribilis

Dirk Steyn skryf:

Ek is nie geneig om aan jare (arbitrêre planetêre omwentelings) karaktereienskappe te gee nie, maar 2020 is nie iemand by wie ek sou gaan koffie drink, gaan gesels by 'n braai of eens by sou stop as dit 'n pap wiel op die stofpad het nie. Ek is nog dik de dinges in vir wat hierdie jaar aan my gedoen het.

Motiveringsprekers wat hulle sout werd is sal jou leer om die kosbare in die chaos te sien, of ten minste die aserige aroma van die puinhoop te waardeer. 2020 het, met hierdie logika, 'n wafferse skatkis van lewenslesse om aan ons te skenk, maar die donker wolk is beslis dik en die silwer randjie maar minuskulêr.

As iemand wat val onder Generasie-Y, onthou ek vaagweg 'n tyd toe Ma, Pa, Juffrou, Meneer of ten minste die ensiklopedie die laaste sê gehad het in feitlike geskille. Ons kon ons inligting vertrou (reg of verkeerd), maar konsensus was 'n haalbaarheid. Lewers, met die opbloeit van postmodernisme, soekenjins en beskikbare bandwydte, het die mens na 'n na-wetenskaplike paradigma beweeg. Ewe skielik het die voorsitter van die WGO ewe veel geloofwaardigheid as die vriend van 'n neef van 'n kollega wat luidkeels skree dat Covid-19 'n komplot is uitsluitlik om die Afrikaners te onderdruk. Eerder as Bill Gates, Sjina of president Ramaphosa, is die groot gevaar dat ons doodgewoon nie kan of wil leer hoe om krities met media om te gaan nie. Ons het kennis, maar hoeveel insig?

'n Sikliese argument is 'n wonderlike verskynsel, omdat dit siklies van aard is. My nuwe stokperdjie is nie my gunsteling omdat ek daarvan hou nie, maar omdat dit soveel van my gesprekke met mense oorneem. Die nommer-een klagte wat ek dagin, dag-uit moet aanhoor is: "Hoe kom mag ons nie dít doen, as ander mense dát mag doen nie?" Omdat die fisiese eredienste weer hervat (onder die strengste van maatreëls), het die restaurante weer oopgemaak. Nou, omdat die restaurante weer oop is, dink lidmate dat ons kan maak wat ons wil. Elke keer as ek "my fellow compatriots" hoor op die kassie, weet ek voor my siel dat my werk as predikant moeiliker en moeiliker gaan word. Omdat gesigsmodelle nie 'n masker hoef te dra as hulle afgeneem word nie, wil

die oom en tannie ook nie een opsit tydens die erediens nie. Dit kos al 'n hele arm om 'n pinkie te gee.

Niemand was trotser as ek toe president Ramaphosa afgekondig het dat hy en die hele kabinet 'n verminderde salaris sal neem tydens die inperkings ("Groot Onttrek") nie. My bors het só geswel oor die beloftes van kospakkies en ekonomiese stimulus. Vir die eerste keer, sedert die ontheffing van oudpresident Zuma, het my Suid-Afrikanerhart warm geklop vir ons pragtige reënboognasie. My sentiment het gou verander van "ons land gaan nou wrintiewaar saamstaan" na "ek moes van beter gewest het". Die korrupsie, die steel van fondse, die swartmark met die entjies ... dit was genoeg om 'n mens se moed verby jou skoene, deur die vloer, tot ses voet onder die grond in te laat sak. Krisisse bring toe nou nie die beste uit mense uit nie.

Nie eens die gemeentes kry dit reg om by die wet te hou nie – stories loop rond van gemeentes wat die deure sluit (sodat hulle nie ondersoek kan word nie) en dan laat loop met die sang. Sekere gemeentes en predikante kan maar net doodgewoon nie hou by 'n edele wet wat ontwerp is om mense se lewe te beskerm nie. As nie eens die kerk by die wet kan hou nie, waarom verwag ons dit dan van enigiemand anders?

Die woorde van Hosea se elfde hoofstuk kom spook by my as ek my moed en humeur verloor in die tyd van Covid-19: "Hoe kan ek jou laat vaar, Israel? My liefde brand te sterk. Ek is God, nie 'n mens nie." Gesondheidspersoneel dra vir ure op 'n slag hulle maskers, maar die gesonde jongwerkende "kry nie asem daarin nie", so ek skud my kop. Goeie, slim mense kuier en braai, so ek sug maar tevergeefs. Gelowiges, wat versekeringspolis vir hulle huisraad uitneem en veiligheidsgordels dra vir motorongelukke, glo vas dat geloof in God hulle vrywaar van die virus, al ken hulle ander gelowiges wat nie so gelukkig was nie. Dan vloek ek sommer ...

Ek dink nie die grootste raaisel van die afgelope jaar lê by die entstof vir 'n nuwe virus nie. Dit is nie te vinde (glo ek) in die soeke na 'n Suid-Afrikaanse ekonomiese herstel nie. My brandende vraag is eintlik 'n ou een: Hoe is God só lief vir skepsels wat nie eens aldag vir mekaar lief kan wees nie? As daar ooit 'n advertensie was vir God se liefde en geduld, dan was dit 2020. Miskien was 2020 dan (in één opsig) nie so sleg nie.

Lees lesersbriewe op bl 12.

Die Woord is soos 'n sagte Rooibossalf

Nico Smit van Dalpark skryf:

Ek hoor dikwels die vraag: “Domi-nee, hoe pas jy die Bybel in jou lewe toe?” Ek het nie altyd die beste antwoord nie. Myns insiens is my antwoorde op die vraag soms treurig! Ek troos myself in die wete dat ek ook net mens bly en ek faal ook maar elke dag. Party dae verloor ek my humeur, ander dae hanteer ek iemand verkeerd. Soms sê ek iets wat liever én eerder in my gedagtes kon gebly het. So kan ek aangaan met 'n lys van plekke waar ek gefaal het. Ek sê wel gewoonlik vir mense wat so vra dat Jesus my Middelpunt en Vertrekpunt bly en dat ek elke dag probeer om meer soos Hy te wees. Dit gebeur nie elke dag ewe goed nie, maar ek kan tog elke dag probeer om méér soos Jesus te wees.

Ek het eers werklik op universiteit besef dat die Bybel nie vir ons verhale van perfekte mense voorstel en weergee

nie, dit is ook nie die Bybel se doel nie. Die Bybel vertel van God en sy mense en die pad wat Hy met hulle stap. Die woord “pad” word breedvoerig in my woordeskat gebruik, en so sien ek die Bybel ook. Dit is 'n reis, avontuur of staptog saam met God. En ou verhale tussen God en mens kan vandag nog vir elkeen van ons betekenis hê.

Die Bybel gee ook nie die prentjie weer van mense wat op elke oomblik alles reg doen nie. Die heilige boek het baie onheilige dinge in én dit is wat na my mening die Bybel vandag nog eg en waar maak. Die Woord van die Here vertel nie net die mooiste en beste gebeure nie, maar 'n verhaal van gewone mense, met 'n groot alomteenwoordige God.

Die kenmerk van God se Woord wat ek daagliks in my lewe probeer toepas is die hoop wat die Bybel vir ons as gelowiges bring. Selfs in die “donker prentjie”-boeke, soos Klaagliedere en daardie Psalms wat die donker en duister so goed beskryf, vergaan en verdwyn die hoop nie in die niet nie. Die Bybel

het al ontelbare moedeloses opgetel en moed gegee. Die Woord is soos 'n salf – nie iets soos Vicks of Deep Heat nie, maar 'n sagte Rooibossalf – wat al ontelbare stukkende harte gesond gemaak het. Die Bybel het ook al weduwees en wewenaars in hulle eensaamheid vertroos. Ja, en dit het selfs vir mense hoop en troos gebied wanneer hulle 'n geliefde aan die dood afstaan.

Die Evangelies het my geleer dat hoop 'n persoon is en sy naam is Jesus. Hy is die hoop vir die wêreld. Hy het mens geword en was self hier op aarde. Hy het gekom, sodat ek kan lewe. En met daardie wete inspireer die Bybel my daagliks en orals waar ek gaan.

In dié onstuimige tye waarin ons leef het ons meer as ooit hoop nodig. Ons word nie net geroep om hoop te bring nie, maar soos Jesus, hoop te wees. Om hoop te wees beteken om aan onself te sterf en onself op te offer, net soos Jesus. Jy sien, om hoop te wees beteken dat ek en jy selfs in uitdagende tye kan getuig van God se moederhart. God wat

toevou en troos. Ons kan getuig in 'n Covid-pandemie, in ekonomiese onsekerheid, in 'n wêreld vol terreur en misdaad ... ja, selfs in dié tye kan ek en jy getuig van hoop ... hoop in Jesus!

Soos ek die Bybel probeer toepas in my eie lewe, is dit ook die Bybel wat my leer en oortuig dat die God wat ons aanbid Homself opgeoffer het en gesterf het aan 'n kruis. Jesus Christus was liggaam, Hy het mensliggaam geword. Hy was getraumatiseerde mensliggaam wat in verhouding met Abba Vader die plek vir my en jou ingeneem het. Die uniekheid van die Bybel is dat die Bybel vir ons vertel van 'n weerlose God. 'n God wat bereid was om mens te word, sodat ons die lewe kan hê. Dit is met daardie gedagte dat ek elke dag opstaan en met hoop leef al voel ek nie elke dag dieselfde of ewe goed nie. God word in Jesus 'n “wounded healer” in die taal van Henri Nouwen. Dit is met die wete dat God opoffer en gee dat ek – selfs in uitdagende tye – die lewe het ... en dit in oorvloed!

Hoe lyk 'n inklusiewe kerk? “Unlike any other”

Jaco Nel van NG Koringberg skryf:

As jy jou televisie elke jaar om 20:00 die aand op die tweede Sondag van April op Super Sport inskakel, sal jy die volgende woorde hoor: “Hello, friends, and welcome to this tradition unlike any other.” Dit is die stem van die omroeper wat die begin van die laaste rondte van die Amerikaanse Meesters Gholftoernooi by die Augusta Nasionale gholftoernooi soos geen ander nie, want die klub se regulasies is baie streng en hulle bewaar hulle tradisies. Die joggies met hulle wit pakkies is 'n bekende gesig, so ook die groen baadjie wat die wenner kry. Die klub is konsekwent daarin om enige iemand wat die reëls oortree nie weer toe te laat nie. Hulle is nie desperaat om toeskouers of uit-saaiers te lok nie. Deur so streng en konsekwent te wees, het die klub vir hulleself 'n naam uitgekerf sodat dit nou die mees gesogte toernooi ter wêreld is. As jy die Meesters kyk, kry jy baie duidelik die gevoel dat hierdie

nie net nog 'n gholftoernooi is nie, hierdie is nie net nog 'n toernooi wat uitgesaai word nie, hierdie is nie net nog iets om die naweek te doen nie, hierdie is die Meesters. Outentiek en eg. Inderdaad “a tradition unlike any other”.

Dit wil egter lyk of die kerk, anders as die Augusta Nasionale gholftoernooi, nie meer veel moeite doen om vir die wêreld te wys dat sy 'n unieke institusie is nie, “unlike any other”. Die kerk is dikwels niks meer as net nog 'n instituut nie. Ons maak nie asof die kerk iets spesiaals het om te bied nie. Ons is bang dat enige optrede van die kerk se kant teenoor haar lidmate noodwendig ons sal benadeel in ons pogings tot inklusiwiteit. Ons is bang dat ons in die proses mense van die kerk af sal wegjaag en vervreem en sodoende die kerk se invloed in die wêreld benadeel. En daarom word enige vereistes of standaarde om aan die kerk te behoort laat vaar.

Hierdeur wek ons die indruk dat ons werklik besorg is om die kerk inklusief te maak. Tog is hierdie siening van 'n inklusiewe kerk gebaseer op 'n geweldige misverstand. Die misverstand is dat ons dink dat die kerk inklusief is wanneer sy soveel lede as

moontlik het en so min aanstoot as moontlik gee. Dan het ons egter die oogmerke oor waarom ons in die eerste plek mense wil insluit geheel en al mis. Dan hou die kerk die misverstand voor dat sy slegs inklusief kan wees as sy vir die mens van ons dag aanvaarbaar is. Dan stel die kerk noodwendig grootte en uitbreiding bo suiwerheid en egtheid. Mense wat geen verhouding hoegenaamd met die Here het nie word dan in die kerk erken en geduld. Die kerk laat dan maar almal tot die doopvont toe sonder navraag, sy trou maar almal wat daarvoor vra, sy laat maar almal toe om die Nagmaal te gebruik, sy laat almal belydenis van geloof aflê of hulle dit nou glo of nie. En met hierdie inklusiwiteit glo die kerk sal sy baie invloed verkry, want sy gee nie aanstoot nie.

Hierdie is 'n geweldige misverstand. Die Woord leer dat die kerk nie maar net 'n massa-samekoms is waar alle mense ingesluit word nie, maar dat die kerk die vergadering is van heel spesifieke persone. Die kerk sluit volgens die Skrif alleen ware gelowiges in, mense wat waarlik verlos is deur Christus. Die kerk bestaan nie uit 'n klomp los individue nie, maar uit mense wat almal verlos is uit die dui-

ternis tot die wonderbare lig. Die Heidelbergse Kategismus praat daarom van die kerk as die “gemeente van uitverkorenes”:

“Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly” (Antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus).

So glo ons oor die kerk. Die kerk het dus in haar inklusiwiteit heel spesifieke persone in die oog – hulle wat deur Christus verlos is. Dit beteken nie dat die kerk daarop uit moet wees om mense wat waarlik na Christus wil kom, weg te wys nie. Maar as die kerk eg en outentiek wil wees, sal sy alleen diegene kan insluit wat deur 'n ware geloof in Christus Jesus ingeplant is. Dan sal sy moet onthou dat ons slegs sout kan wees as Christus self aan ons smaak gee. Dat ons die eiendom van Jesus Christus alleen is. Mag die kerk se verwelkomende boodskap ook soos die Meesters wees: “Hello, friends, and welcome ...”, maar gekwalifiseerd, “to this tradition unlike any other.”



Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252
Intekenare/gemeentenavrae:
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

KONTAK ONS

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247
Joernalis: Jacobie M Helena
Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proffeser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za
Kleinadvertensies en amptelike nuus:
Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

BM
Bybel-Media

Vreugdekalender vir die dae ná Covid-19



Die jaar 2020 sal nie gou vergeet word nie. Dit sal in die annale aangeteken word as 'n tyd waarin die wêreld en sy mense voor groot, eintlik ongekende, uitdagings gestel is. Nou lê 'n nuwe tyd voor die deur. Hoe gemaak met die bagasie wat ons met ons saamdra? DEUR ILETTE COETZER

Stap vir stap. Een happie op 'n slag. Dag ná dag ... Dit is die enigste manier waarop hierdie olifant geëet kan word. *LiG* (Kerkbode se susterpublikasie) het in samewerking met 'n klompie kundiges, motiveringspesialiste en sommer net mense met 'n positiewe lewenshouding 'n "vreugdekalender" saamgestel wat jou sal help om 'n nuwe tyd tegemoet te gaan terwyl jy dalk steeds swaar dra aan alles wat die afgelope jaar op jou gelaai is.

1 Kom aan die gang! Doen net iets! Niks gebeur vanself nie – behalwe oud word. As jy dalk êrens op 'n hophie sit en wag dat iets of iemand jou pad moet kruis, sal jy lánk wag. Niemand gaan die TV afskakel, aan 'n verhouding werk of namens jou tekkies aantrek om fiks te word nie. Vra jou af: Hoe kan ek myself aanspoor om die eerste tree te gee?

2 Probleme kom in twee kategorieë: tydelik en permanent. Laasgenoemde soort is buite jou beheer. Al wat jy daaraan kan doen, is om jou eie reaksie en ingesteldheid te bestuur. Aan tydelike

probleme – soos jou gewig of probleme by die werk – kan jy wel iets doen deur die keuses wat jy maak. Fokus daarop. Maak 'n lys van al jou klagtes en vra jou af in watter kategorie elke probleem val.

3 Beplan jou vroegoggendse opstaan reeds die vorige aand. Jy sal verbaas wees om te sien wat jy alles kan vermag as jy jou oggende opeis, of dit nou vir stiltetyd of 'n vinnige stappie om die blok is.

– **Lynette Beer, lewensverrykingspesialis**

4 Ek het hierdie jaar opnuut beseft my behoud en sekuriteit lê in my verhouding met my hemelse Vader. Die Amplified Bible vertaal Hebreërs 13:5 só: "For God Himself said, I will not in any way fail you nor leave you without support. I will not, I will not, I will not in any degree leave you helpless nor forsake nor let you down nor relax my hold on you, assuredly not."

Hier is nog 'n aanhaling wat my inspireer: "Man proves his greatness when he looks for things to be thankful for when life seems hard." Ek dink dít is die geheim om jou vreugde terug

te kry. 'n Glimlag op my gesig, hoop in my hart, en geloof in die Here – én in myself, omdat Hy my die krag gee. Dan kan jy enigiets vermag.

– **Sonja Herholdt, sangeres**

5 Die meeste mense verloor perspektief in krisistye. Hulle vergeet die "groter prentjie" en word deur onmiddellike krisisse en kleinlikhede verswelg. Wanneer jy verder as jou huidige omstandighede kan kyk, sal jy die groenigheid ánderkant die berg raaksien, en weet die wiel sal weer draai.

6 Pasop na wie jy luister! Jou ore is nie asblikke nie. Ons leer in die Bybel dat ons geloof gebou word deur wat ons hoor. Net so word vrees aangeblaas wanneer ons gedurig na bangmaakstories en negatiewe boodskappe luister. Ons het volledige beheer oor na wie ons kies om te luister.

7 Die Spreukedigter sê: "Dood en lewe is in die mag van die tong" (Spr 18:21 – 1933/1953-vertaling). Hier is twee sulke (negatiewe) voorbeelde: "Ek

gaan dit nie maak nie. Die ekonomie sal nooit weer herstel nie."

Hou op met hierdie negatiewe gedagtes en praatjies; dink en sê eerder positiewe dinge, soos: "Ek weier om te vrees. Ek weet die Here is met my. Die wiel sal weer draai. Ek fokus nie op die storm nie, maar op die geleentehede binne die storm."

8 Maak tyd vir dinge wat jy geniet en wat jou opbou, daardie dinge wat jou spreekwoordelike tenk weer vul. Beoefen jou stokperdjies, beywer jou vir dit wat jou hart vinniger laat klop. Geniet die Bybel!

9 Sonder 'n droom en 'n visie sterf 'n mens. Hou aan leer, hou aan groei. Ontdek nuwe dinge. Leer nuwe vaardighede aan.

10 Wanneer jy troos nodig het, gaan soek iemand wat hartseer is en begin om daardie persoon te vertrou en te bemoedig. As jy eensaam is, maak kontak met 'n mens wat eensamer as jy is.

– **Pastoor Hansie Smit, Kimberley**

11 Kalmeer! Baie mense het die afgelope jaar erge finansiële stres ervaar. Baie vra: Sal ek ná die Covid-19-pandemie genoeg geld hê om mee af te tree? Ander is weer angstig oor hul huidige skuldsituasie. Dit help nie om paniekerig oor jou omstandighede te raak nie.

12 Maak 'n plan. Aanstaaende jaar gaan 'n nuwe plan en strategie verg. Jou plan hoef nie perfek te wees nie; dis eenvoudig 'n nuwe vertrekpunt in 'n nuwe rigting.

13 Doen dit! Baie drome het al op die ashoop beland omdat dit bloot 'n droom gebly het. Aksie is dié kritieke komponent as jy suksesvol wil wees. Dit verg egter dissipline en baie aandag. Aanstaaende jaar gaan vol uitdagings wees. Begin deur minder te bestee as wat jy verdien.

– **Madeleen van den Berg, besturende direkteur by Attooh Finansiële Dienste**

14 Ek het vanjaar besef dat my omstandighede my nie definieer nie. Ek moes iets nuuts skep. Baie kunstenaars het die afgelope paar maande finansiël gesukkel, maar ek het die afgelope jaar geleer dat 'n mens veelsydig is en op meer as een manier 'n inkomste kan verdien. E-konserte het ons bedryf verander en

ek kon vanjaar selfs 'n CD opneem.

– **Mathys Roets, sanger**

15 Bring jou tyd saam met die regte mense deur. Dit is diegene wat vir jou lief is, wat jou waardeer en jou bemoedig.

16 Kyk jou probleme vierkantig in die oë. Onthou dis nie jou probleme wat jou definieer nie, maar hoe jy daarop reageer. Probleme gaan slegs die aftog blaas wanneer jy iets daaraan doen.

17 Leef in "die hier en nou". Vandag is al wat jy het. Hou op dink aan hoe goed of sleg die toekoms mag wees. Daar is 'n gesegde wat lui: "As jy vrede in jouself wil hê, moet jy twee diere skiet – die ou koei in die sloot en die bobbejaan agter die bult."

18 Geniet die dinge wat jy reeds het. Die groot fout wat baie van ons maak, is om te dink ons gaan beter voel wanneer ons omstandighede verander. Hierdie houding voed egter net 'n bouse kringloop. Uiteindelik word dit 'n gejaag na iets wat altyd net-net buite ons bereik is.

19 Gee nuwe mense wat jy ontmoet 'n kans. Met verloop van tyd verander mense en prioriteite. Sommige vriendskappe vervaag en ander groei. Wees gereed vir uitdagings en, wie weet, dalk ontmoet jy iemand wat jou lewe kan verander.

20 Vier ander se oorwinnings. Om waardering vir ander mense te toon, sal jou na 'n beter, meer produktiewe en vervullende plek neem.

21 Gee aandag aan jou stresvlak en geniet kort-kort 'n blaaskans. Haal asem. Doen wat jy doen effens stadiger. Gee jouself toestemming om te rus, om te "hergroepeer". Beweeg dan doelgerig vorentoe.

22 sien die mooi in die klein gebare en oomblikkies. Vind vreugde in 'n lekker vroegoggendse koppie koffie, die wonderlike geur van tuisgebak, die gefluit van 'n voël. Ons fokus só dikwels op negatiewe dinge dat wanneer daar wel iets positiefs gebeur, ons min of selfs geen aandag daaraan gee nie.

23 Aanvaar dinge selfs wanneer hulle nie perfek is nie. Dis beter om die wêreld, sy mense en sy situasies te aanvaar soos dit is, eerder as om die onmoontlike van jouself en ander te verwag.

24 Fokus op die dinge wat jy kán beheer, anders mors jy jou tyd. En dit lei tot frustrasie.

25 Begin om op die moontlikheid van positiewe gevolge te fokus. Jy moet glo jy kán, voordat dit moontlik is om dit te doen. Lê jou toe op opbouende en positiewe gedagtes eerder as afbrekende, negatiewe gedagtes.

26 Besef hoe goed jy nou daaraan toe is. Henry David Thoreau het gesê: "Wealth is the ability to fully experience life." Selfs al lyk die lewe tans donker, is dit belangrik om dinge in perspektief te sien. Dit wat jy nou het, is jou rykdom. Wees dankbaar daarvoor.

– **Irene Haasbroek, 'n multidissiplinêre praktisyn in Kimberley**

27 Net die Woord kan jou deur storms dra. Die afgelope jaar was rof, en ons weet nie wat die toekoms inhou nie. Maar dié feit bly: God weet alles. Covid-19 het Hom nie onkant betrap nie. Hou op om jou ore vir die wêreld uit te leen en maak jou hart oop vir die enigste Waarheid.

– **Aletté-Johanni Winckler, stilis**

28 Bou voort op die gehaltetyd wat julle as gesin tydens die grendeltyd gehad het. Een van die positiewe dinge wat ons vanjaar beleef het, was die feit dat ons kinders (en ons troeteldiere!) gefloreer het te midde van al die aandag en sorg wat hulle geniet het.

29 Waardeer opnuut die waarheid dat ons met baie minder oor die weg kan kom as wat ons dink.

30 Erken aan jouself hoe lekker dit is om weer in 'n geordende huis te bly, 'n ruimte waar alles weer op hul plek is. Waar allerlei ou dingetjies wat jare lank nie aandag gekry het nie, ewe skielik weer reg is – en dit voor die einde van die jaar! Dink só daaraan: Die hele wêreld het maande lank 'n rusfase beleef. Miskien was dit net wat die wêreld nodig gehad het.

– **Ds Christo de Witt van Plooyburg**

Verklaring: 'Ons treur oor liefdeloosheid'

Die Ring van Johannesburg het by ons pas afgelope sitting, gehou op Woensdag 7 Oktober 2020, verklaar dat ons doleer (treur).

Ons treur oor die toestand van ons land en van die wêreld.

Ons treur oor die geweld wat ons as mense teenoor mekaar openbaar. Ons treur oor mense wat sterf as uitvloeisel van haat, armoede en middelmisbruik.

Ons treur oor die hardheid van ons woorde en ons onoordeelkundige verspreiding van inligting.

Ons treur omdat ons sukkel met groot verliese weens die huidige pandemie. Ons treur oor lewens, inkomste en geleenthede wat verloor is.

Ons treur oor harte wat verhard, oor polarisasie en die verlies aan biodiversiteit wat ons almal se voortbestaan op talle maniere bedreig.

Ons treur oor ons liefdeloosheid.

Maar terwyl ons treur, verbind ons ons met hernieuwe erns en toewyding aan ons roeping om met woord en daad getuies te wees van die vernuwing wat in die lewe van mense, in die samelewing en in die natuur bewerk word deur die lewensbevestigende boodskap van die evangelie van Jesus Christus.

Ons doen 'n beroep op alle kerkleiers in ons land om by hierdie doleantie aan te sluit en om sterk, nugter en bemoedigende leiding te gee in ons gemeenskappe en ons land.

Mag sy liefde ons lei.

Die Ring van Johannesburg

Wat is motief?

Prof JW (Hoffie) Hofmeyr (Emeritusprofessor, Teologie, UP) van Pretoria skryf:

Terwyl die meeste lidmate, predikante en teoloë van die NG Kerk hulleself waarskynlik kan verseenselwig met die standpunt van die Ring van Johannesburg dat daar diepe kommer bestaan oor die situasie in die groter wêreld, in ons land, in ons kerk en in die teologie, het ek enkele vrae in my gemoed oor hierdie verklaring.

Intussen wil ek my egter hoegenaamd nie uitspreek oor die meriete en die positiewe en negatiewe van die saak van doleantie nie, dit wil sê om te doleer of om te treur oor bepaalde kerklike sake nie. My opregte vrae aan die adres van die Ring van Johannesburg en *Kerkbode* is dan die volgende:

1. Wat is die diepste motief agter hierdie verklaring? Is dit gebore uit werklike diepe kommer of is dit om die doleantie-debat wat al lank al in die NG Kerk woed rondom veral Skrifgesag en Skrifinterpretasie en wat grootliks deur die kerkleiding geïgnoreer is, vir eie doeleindes en vir 'n eie agenda te skaak? Die lank-bestaande debat oor doleantie wentel veral om die relativisering of aftakeling van die Bybel asook ons kerk se

basiese riglyn met betrekking tot sake soos die gesag van die Skrif, die SGV-kwessie wat al holrug gery is onder andere ook deur verteenwoordigers van die Johannesburg-ring, en die gevolglike fokus op sekondêre kwessies eerder as om met die "basics" of kern van kerkwees erns te maak.

2. Wil die Ring van Johannesburg hiermee verwarring in die kerk saai? Hierdie ring moet versigtig wees dat hy nie homself as nuwe "doleantie-dissipels" in die voet skiet nie. Terwyl hy miskien die teendeel nastreef en moontlik gegronde doleantie in die kiem wil smoor, bevorder hy dalk nou juis die saak van werklike verantwoorde doleantie. Slim kan dus maklik ook sy baas vang!

3. Wil die Ring van Johannesburg hiermee verdere verdeeldheid in die NG Kerk saai, 'n kerk wat reeds erg verdeeld is? Ons wêreld het al reeds genoeg van polarisasie en dwarstrekkerie, en soos dit is, is die NG Kerk reeds ernstig verdeeld, onder andere deur die feit dat kerkleiers nie meer werklik luister na die voetsoolstemme van lidmate, plaaslike predikante en sommige teoloë nie.

Ons almal sal seker saamstem met die verklaring dat God se liefde ons moet lei in hierdie moeilike en uitdagende tye. Ons sal egter juis versigtig moet wees om andere nie van liefdeloosheid te beskuldig terwyl onself net so of dalk meer skuldig is aan liefdeloosheid nie. Daar is maar een pad wat ons ook in hierdie Hervormingsmaand weer moet bewandel, en dit is om terug te keer na die Woord, na God Drie-enig, en na die reformasie ook van die NG Kerk.

• Brief verkort. – Red.

Geweld vir 'n doel?

Prof Hendrik Kruger skryf:

Geweld het oor die algemeen 'n slegte betekenis. Kan dit ooit as iets positiefs beskou word? Vol-

gens koerantberigte is geweld aan die orde van die dag, wêreldwyd. Die geskiedenis is vol van gevalle waar die gewelddadige optrede van mense aangeteken is. Dink maar aan die volksmoord van ses miljoen Jode. Of die doodmaak van soldate in oorloë.

Die Ou en Nuwe Testament is ook deurspek met gevalle van geweld. Die gewelddadige optrede van mense, maar veral die God van die Bybel in hierdie verband is skrikwekkend. Volgens Genesis 6:6-7 het God besluit om die mens wat Hy geskep het, te verdelg. Hierdie gedagtegang word dwarsdeur die Bybel voortgesit. Talle gevalle van onder andere die onthoofding van mense (Matt 14:1-13; Mark 6:14-29; Luk 3:19-20; 9:7-9), word genoem. Nêrens word dit gestel dat hierdie optrede enige blywende sukses opgelewer het nie.

Jesus Christus se poging om die Jode te oortuig dat God Hom gestuur het, het op niks uitgeloop nie. Die feit van die saak is dat die Jode Hom oorgegee het om gekruisig te word.

Maar die kruisiging het alles verander. Nou word geweld positief beoordeel. Die kruisiging van Jesus Christus, die ergste vorm van geweld denkbaar, wat op Hom toegepas is, verteenwoordig die reddingsdaad van God. Hierdie een skrikwekkende daad van geweld is die enigste ooit wat goedgekeur kon word. Volgens 2 Korintiërs 5:21 het God Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons geregtigheid van God in Hom kan word.

'Dit gaan nie om 'n saak nie'

Gerrit Engelbrecht van die Strand skryf:

In die interpretasie van die sogenaamde "gay-tekste" moet die gedeeltes direk in verband gebring word met die kern van die Goeie Nuus, naamlik om ons te vertel van en te laat glo in God se genadige ingryping in die

geskiedenis deur Jesus Christus se verlossingswerk.

Persone met 'n homoseksuele oriëntasie (meer durend en iets anders as gedrag) wat deur hulle doop en geloof so aan Jesus verbind is, kan volledige lidmate van die kerk wees.

As 'n mens hulle tog nou soos tweederangse lidmate wil behandel en hulle wil verbied om soos ander lidmate vaste verhoudings van liefde te hê, sal 'n mens baie duideliker moet uitspel hoekom jy hierdie vereiste byvoeg by geloof; hoe sulke vaste verhoudings van liefde in die teenwoordigheid van God liefdeloosheid bevorder, hoekom dit nie onregverdig is om aan hulle 'n eis te stel (om selibaat te bly) wat jy nie aan jouself stel nie, en hoekom gay-lidmate se eie insigte en ervarings rondom God en sy Woord, nie altyd figuureer nie.

'n Mens sal ook moet opklar hoe die feit dat mense vir Jesus belangriker is as reëls, soos wat dit was vir die Fariseërs, toegepas word as mense se volle menswees misken word. Hoe rym dit in elk geval met die wet waarin dit nie om reëls gaan nie, maar om 'n liefdesverhouding tussen God en mense en mense onder mekaar (soos Jesus ons kom leer het)?

Alle reëls, wette en beginsels is baie gestaltes van die liefdesverhouding tussen God en mens en mens en mens. Jesus, en Paulus, was wel rigied oor die wet as dit nie 'n uitdrukking van onvoorwaardelike en onverdiende liefde was nie. In die kerk se gesprek oor homoseksualiteit gaan dit nie om 'n saak nie, maar om 'n medegelowige met 'n gesig wie se volheid van lewe vir God kosbaar is.

Dit gaan ook nie help om ander etiese sake voor te hou wat net so 'n heteroseksuele probleem as 'n homoseksuele probleem is nie. Ek is dankbaar om deel te kan wees van 'n kerk wat met die Woord as fondament en Jesus Christus as hoof 'n lig kan wees in die donker, soekende wêreld.

Klein venstertjies op God



Die een wat die dood insluk

Die misdaadstatistiek, al die berigte van moord, doodslag, verkragting, korrupsie, armoede, hongersnood, werkloosheid en magmisbruik waarmee ons daaglik in Suid-Afrika gekonfronteer word, skep nie net vrees en angs nie. Dit gee ook die gevoel dat ons in die kloue van die "dood" beland het.

Jesaja 1 – 39 beskryf die oordeel van God oor sy sondige volk. 'n Volk wat deur die magte van die "dood" beheers word. In die apokaliptiese Jesaja 24 – 27 weerklank die waarskuwing van God se oordeel ongelooflik helder en duidelik. God gaan Jerusalem vernietig en die volk in ballingskap neem. En dan breek daar as 't ware 'n helder, troosvolle ligstraal deur die donker newels van oordeel en straf: "Die Here God (sal) die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee. Oor die hele aarde sal Hy die smaad verwyder wat sy volk aangedoen is" (Jes 25:8). Dit is die belofte van 'n nuwe bedeling. 'n Nuwe Jerusalem. 'n Nuwe Godsvolk. 'n Nuwe verbond. 'n Nuwe toekoms.

Die pad na die nuwe Jerusalem gaan deur die vallei van die "dood" met al sy pyn en lyding. In die nuwe Jerusalem sal daar geen dood, smart, leed en pyn meer wees nie, want God regeer (Op 21:4). Dit is ons troos en ons hoop.

– Kobus Smit Photography
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit
Teks en foto: Ter illustrasie

Digiklesia: Ons visie moet groot genoeg wees

FRANCOIS LAMPRECHT

Jy kan nie digitaal relevant wees as jy nie andersins relevant is nie.

Laat dit vir 'n oomblik insink. Om relevant te wees in 'n digitale wêreld is een van die groot uitdagings van aanlyn-kerk. Tot voor die inperkings het dit dalk goed gegaan met jou gemeente omdat jy een van die min opsies in jou dorp, buurt of omgewing is. Jou gemeente het dalk die skerpste prediker in die kontrei. Toe vind lidmate uit dat aangesien hulle nou digitaal kerk gaan, hulle seker maar kan kyk wat anders daar beskikbaar is in die wêreld van aanlyn-preke.

Jou gemeente moet nou kompeteer vir die aandag van mense wat baie meer opsies het as ooit tevore. Hierdie skep 'n krisis vir gemeentes wat afhanklik is van lojale lidmate om maand tot maand te oorleef. Wat gebeur wanneer hulle die dankoffer eerder elders aanwend? Hoe kry jy mense om in te koop in jou gemeente? Hoe kan jou gemeente nog 'n toekoms hê in hierdie aanlyn-wêreld? Daar is uitstekende inligting beskikbaar oor waarom mense wil gee en waarom nie van besighede soos Neon One en Network For Good wat spesialiseer in navorsing daarvoor. (Lees gerus hierdie artikel oor waarom mense gee <https://www.networkforgood.com/nonprofitblog/7-reasons-why-donors-give/> en hierdie oor hoe mense aan die einde van die jaar gee <https://neonone.com/blog/year-end-giving-statistics/>)

Ons gemeentes is nie Facebook, YouTube of Google nie. Hulle gebruik inligting, reklame en produkte om geld te maak. Kerke moet 'n ander weg vind. Jy kan kykers probeer dwing om vooraf te betaal om erediensuitsendings te kyk, maar die kans is goed dat dit weinig "klante" sal oplewer. Nog 'n opsie is om kykers skuldig genoeg te laat voel, maar anders as om die ongemak van 'n "guilt trip" preek te verduur in 'n kerkgebou sal mense heel moontlik net nie verder kyk nie. Dan is daar die opsie van leë beloftes van voorspoed en gesondheid as jy vir die kerk genoeg geld gee, maar jou leierskap het hopelik te veel integriteit daarvoor.

Daar is 'n ander weg – om mense te inspireer met 'n visie wat groot genoeg is dat hulle *wil* bydra! 'n Visie wat nie net groot is nie, maar relevant is. As jy nie in jou gemeenskap relevant is nie, nie besig is om 'n werklike verskil te maak in die lewe van mense nie, hoekom sal mense jou ewe skielik aanlyn

relevant vind? As jou gemeente 'n tasbare impak maak op die lewe van mense sal daardie mense geneig wees om baie lojal te wees en ander mense wat dit sien is geneig om deel te *wil* wees.

Hier is 'n paar praktiese riglyne wat mense motiveer om te gee:

- Jou visie kan groot wees, maar as niemand dit weet nie inspireer dit niemand nie. Maak seker jou gemeente en gemeenskap weet waarvoor jou gemeente haar beywer. Facebook, Youtube en Instagram is uitsonderlike platforms waarmee julle visie en werk gedeel kan word. Vind uit of jy 'n paar lidmate het wat kan help om kort video's te skep – dalk 'n paar skoolkinders?
- Jou visie kan groot wees, maar as dit nie plaaslik is nie voel die mense naaste aan jou dit nie. Maak seker dat jy vir jou eie gemeenskap goed sorg. Is almal in jou gemeente gevoed, geklee en emosioneel ondersteun?

- Gee goeie terugvoer oor waarheen die geld gaan. Maak seker dat die mense wat bydra kan sien wat daarmee gedoen word en wat die impak van hulle bydrae is. Terugvoer moet altyd spreek van die grootste respek vir die mense wat hulp ontvang. Laat die terugvoer fokus op die werk wat gedoen is en die impak daarvan terwyl die identiteit van die mense wat dit ontvang beskerm word.

Die pad vorentoe gaan al hoe steiler raak vir gemeentes wat mense nie inspireer met daadwerklike, relevante bediening nie en dit gaan al hoe beter gaan vir gemeentes wat inspirerende daad uitleef. Die geheim is om nie iets te probeer verkoop nie, maar eerder om gratis so 'n groot impak te maak op ons gemeenskappe dat ander graag wil deel daarin.

Digiklesia is 'n geleentheid om saam te dink oor die geleenthede en uitdagings van digitale bediening. As deel daarvan wil ons jou nooi om ons gratis webinar by te woon op 14 Oktober. Kom wees deel van die gesprekke en leer by kenners in die teologie, maar ook YouTube-kenners, mediaspesialiste, draaiboekskrywers en meer! Vir meer besonderhede en om in te skryf gaan na <http://ngkerkpellissier.co.za/digiklesia>

► Ds Francois Lamprecht is 'n leraar by die NG gemeente Pellissier in Bloemfontein.

“Om relevant te wees in 'n digitale wêreld is een van die groot uitdagings van aanlyn-kerk.”

Strategiese leiers is van nature môre-mense

JURIE VERMEULEN

In hierdie sesde (voorlaaste) artikel in ons Pauliniese leierskapreeks, trek ons die vierde laai van die apostel se leierskapkabinet oop. Dit handel oor leiers se algemene sowel as meer spesifieke *strategiese* funksies. As strategiese voorlopers funksioneer leiers as die menslike koppelvlak (*interface*) tussen die hede en die toekoms. Paulus beskryf hierdie rigtinggewende, strategiese leierskapgawes met behulp van twee Griekse woorde in Romeine 12:8 en 1 Korintiërs 12:28, naamlik “*proistamenos*” en “*kubernesis*.”

Strategiese leiers is van nature *môre-mense*; hulle is spontaan meer gefokus op die toekoms as die verlede of die hede. Hulle leun vorentoe, in die toekoms in, en staan as 't ware gewoonlik alreeds met een voet in die toekoms, vanwaar hulle die landskap beskou. Omdat strategiese leiers hierdie vermoë het, dien hulle as die koppelvlak met die toekoms en kan hulle hulle organisasies effektief die on-

bekende inlei. Hierdie is baie duidelik 'n krities belangrike funksie wat ongelukkig relatief skaars is en boonop dikwels misverstaan word deur hulle meer praktiese, verandering- en risiko-weerstandige kollegas.

Paulus het ook hierdie strategiese, toekomsgerigte oriëntasie gehandhaaf; “... *maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is* (Fil 3:13).” Strategiese leiers leef in die *sirkel van helderheid*.

Dit stel hulle in staat om die wêreld, sowel as hulle eie plek daarin, vir hulle mense te verduidelik. Daarom gebruik hulle visie so effektief om mense te inspireer tot hoër hoogtes. In 1 Korintiërs 15 skilder die apostel op dramatiese wyse, met kragtige, kleurvolle kwashale, die “*geheimenis*” van die toekoms wat hy so helder kon sien. By die laaste trompet sal die dooies

opgewek word; sal die lewendes in 'n oogwink transformeer van sterflik tot onsterflik; sal die dood self sterf; die sonde finaal vernietig word en 'n glansryke ewigheid uiteindelik aanbreek vir 'n sugtende mens en skepping!

Maar Paulus was ook 'n praktiese leier wat dag-tot-dag sake kon bestuur, soos duidelik blyk uit byvoorbeeld sy reëlins rondom sy medewerkers, sy eie reisreëlins en die kollekte vir die verarmde, sukkelende kerk in Jerusalem. 'n Kollekte wat al meer toegeneem het in kompleksiteit en omvang, totdat dit uiteindelik veel van die apostel se organisatoriese vermoëns gevra het.

Opsommenderwys kan 'n leier se algemene hoëvlak-take in vier makrokategorieë verdeel word; (1) die taak self, wat daaglikse bestuursverantwoordelikhede insluit; (2) die span

wat gelei moet word, (3) die leier se persoonlike selfsorg; en (4) die leier se strategiese, visioenêre funksie, soos hierbo beskryf. Natuurlik kan alle leiers nie hierdie vier hooftake met ewe veel vernuf uitvoer nie – sommige sal spesialiseer in strategiese funksies, terwyl ander fokus op die span en die versorging van menslike hulpbronne. Dan is daar gelukkig ook leiers wat heelwat beter is met administrasie en bestuur as hulle kollegas. Wat wel saak maak is dat ons hierdie verskeidenheid van gawes in ons organisasies raaksien, vier én aanwend in diens van ons gesamentlike visie. Paulus se pleidooi is steeds baie relevant in ons dag; “... *maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe* (Fil 2:2).” Sy bekende liggaam-metafoor dien as 'n verdere grafiese waarskuwing; faal ons as leiers hierin, mis ons God se plan en saboteer ons ons eie roeping.

► Dr Jurie Vermeulen is nasionale direkteur van FEBA Radio SA. Besoek www.febaradio.co.za vir meer inligting.



Waardige boek oor asemrowende onderwerp

Grace upon grace: Reflections on the meaning of life deur Johan Cilliers
Uitgewer: African Sun Media, 2020
Resensent: Rethie van Niekerk

Wanneer ons op 31 Oktober die Reformasie vier, gedenk ons onder andere die wonderlike geskenk van genade. *Sola gratia*. Nooit kan ons daarvoor uitgepraat raak nie. Daar is altyd plek vir nog verwondering. In *Grace upon grace* speel Johan Cilliers dan ook op die verhoog waar sy lig nog altyd die helderste skyn – die nadenke oor genade.

In hierdie werk praat estetika saam. Elke konsep word belig met 'n kunswerk. Tussen elke hoofstuk is daar 'n oordenking wat die konsepte weer op 'n ander manier toelig.

Cilliers gebruik 1 Korintiërs 13:12 (*Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken*) om die betekenis van die lewe – en genade – te ondersoek.

Genade is eerstens om te weet dat jy nie ten volle weet nie. Hier praat Cilliers onder andere oor ongesonde sekerheid en wat hy selfs wil noem “homiletiese megalomanie”. Genade is openheid, verwagting, gereedheid om in misterie ingeneem te word.


Tweedens is genade om te weet dat jy eendag ten volle sál weet. Hierdie wete dat daar iets meer is, iets hierna, help ons om die moeilikhede van die lewe te hanteer. Ons kry egter hier reeds kykies in die ewigheid, terwyl ons ingeneem word nie net in die toekoms in nie, maar in Christus se lewe in.

Dan is genade ook om te weet dat God ons ten volle ken. God is groot genoeg om klein genoeg te wees om belang te stel in ons alledaagse, kleinste sake. Tog word ons verantwoordelikheid nie uit ons hande geneem nie, maar ingetrek in God se plan.

In die laaste hoofstuk bring Cilliers alles saam en kom tot 'n paar gevolgtrekkings. So herinner hy die leser dat die wete dat ons nie alles weet nie, ons oproep tot 'n dieper sensitiwiteit wanneer ons oor mense praat en nederigheid wanneer ons oor God praat.

Grace upon grace is 'n mooi boek, 'n waardige bydrae oor die asemrowende onderwerp. Soos die genade is dit egter nie 'n maklike boek om te lees nie. Dit is 'n werk wat jy oor en oor moet lees, moet herkou, laat insink, weer bedink en keer op keer na terugkeer. Soos die genade.

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant in Port Elizabeth.*



BOEKE

Onder redaksie van Rethie van Niekerk



Wiplankleeservaring bied bekende se agt 'lebensveranderende beginsels'

My stryd met ADHD: Die onsigbare oorlog deur Hykie Berg
Uitgewer: Lux Verbi, 2020
Resensent: Siegfried Louw

Baie mense beleef steeds stigma en geforseerde stilte rondom geestesgesondheid. Hykie Berg neem die dapper stap om die stilte ongefiltreerd te breek. In *My stryd met ADHD* vertel hy sy eie verhaal.

Die boek lees amper soos 'n rit op 'n wiplank. Die een oomblik kry ons 'n kykie in die ervaring van iemand wat met psigose in 'n sentrum beland. Die volgende oomblik verbeel jy jou hoe dit moet voel om in die donkerte plat te lê en jouself totaal oor te gee aan die oorfloedige genade van God, wat vir jou genoeg is.

Berg het baie moeite gedoen met sy leeswerk. Die bronnelys agterin die boek sal lesers ook help indien hulle verder oor die aansprake in die boek wil lees. Berg skryf hoofsaaklik op twee maniere oor sy onsigbare oorlog. Die een is om iets van die komplek-

siteit van medikasie en die mediese veld te verduidelik. Hy gebruik maklike leestaal, sodat baie lesers die inhoud toeganklik sal vind.

Die ander manier wat hy gebruik, is om persoonlike ervarings oor sy eie geestesgesondheid te deel. Hy wissel spontaan tussen verduidelikings oor farmakologiese wetenskap en gebeurtenisse in sy eie lewe.

Met reg is dit belangrik dat ons van twee gevare in die mediese veld bewus behoort te wees. Die een uiterste is om te reken dat 'n enkele pil tot volledige geestesgesondheid sal lei. Die ander gevaar is om alle medikasie as boosaardig af te skryf. Nie almal sal dieselfde voel oor die goed wat Berg oor medikasie te sê het nie. Maar einde ten laaste is die boek 'n poging om eerlik en onopgesmuk sy eie verhaal te vertel. En 'n mens kan nie vir iemand anders voorskryf wat hulle ervaar het nie. Jou ervaring is joune.

Berg se storie is 'n nodige stem om twee redes. (1) Menige families stap 'n pad met iemand met ADHD of 'n an-

der geestesgesondheidsuitdaging. Die oplossing is nie bloot net om medikasie te neem en aan te beweeg nie. Ons behoort na die hele mens te kyk en nie slegs hoe ons chemiese wanbalanse kan korreger nie. (2) Berg se eerlikheid behoort aansteeklik te wees. Hierdie boek behoort tot baie mense te spreek wat tot hier toe nie kans gesien het om hulle belewenisse met eerlikheid te deel nie. Inderdaad blyk dit dat Berg uit sommige oorde onder kritiek deurloop oor wat hy te sê gehad het. Maar miskien het dit tyd geword dat ons meer erns maak met mense se ervarings. Berg is hier vir ons 'n voorganger.

Sy eie geloof word meesal slegs met ervarings beskryf. Teen die einde van die boek gee hy wel vir ons agt “lebensveranderende beginsels”, ondersteun deur teksverse wat hy sorgvuldig uitgekies het. En dit is veral hier waar ons kan sien hoe die Woord vir Berg in sy geloofspad help.

► *Dr Siegfried Louw is predikant by die NG gemeente Brackenfell-Proteahoogte en 'n spelterapeut.*

Neels Jackson oor nuwe boek wat gay-gesprek bekyk

“Die aangrypendste oproep in my lewe is die woorde van Jesus wat sê: ‘Volg my’. Maar ek volg Jesus nie alleen nie. Ek is deel van 'n groot geestelike familie wat neerslag vind in die georganiseerde kerk ... die kerk is vir my belangrik.”

Met dié woorde uit die nawoord van sy nuwe boek, *Jesus vir almal: Die gay-gesprek in die kerk*, het Neels Jackson, voormalige redakteur van *Kerkbode* en kerksakejoernalis, die regstreekse aanlynboekbekendstelling op Facebook op 18 September afgesluit. Hy het by dié geleentheid, wat gesamentlik deur *Kerkbode*, Lux Verbi en Excelsus aangebied is, met die joernalis, Pieter Steyn gesels.

Jackson het tydens die gesprek telkens sy bewondering vir die storie van Jesus, soos dit in die Evangelies weergegee word, beklemtoon. Hy lees verder voor: “In my hele lewe het ek niks aangrypender gelees as die verhaal van Jesus van Nasaret nie. In Hom en sy verhaal het ek geleer dat God liefde is, dat God barmhartig is, dat God omgee vir mense. Ek is uitverkoop aan die

gedagte van die koninkryk van God. 'n Bedeling waar almal omgee vir mekaar, waar ons almal mekaar help om heel te wees dat ons die lewe in sy oorfloed kan geniet.”

Jackson het verduidelik dat hy met die skryf van hierdie boek nie bloot die gevolgtrekkings in sy geloofspad oor die gay-kwessie met lesers wou deel nie, maar dat hy eerder wou vertel hoe sy

geloofspad geloop het om by die gevolgtrekkings te kom. “'n Getuie is sterker as 'n preek,” meen hy.

“Ek droom dat ons as kerk saam vir Jesus kan volg en dat ons saam met Hom vir die wêreld, met al sy mense, so kan liefhê dat hulle dit konkreet sal ervaar,” het Jackson gesê tydens die onderhoud, wat sowat 38 minute geduur het. – **Jacobie M Helena.**



God, geloofsfases en algoritmes

'n Span teoloë in 'n digitale stroomversnelling wonder of goeie teologie ook die taal van algoritmes kan praat, wat sê: *You liked ... you would also like ...*

Jy vul via 'n webskakel 'n lysie in met vrae oor *hoe* (eerder as *wat*) jy glo en dan draai die onsigbare ratte van die teologiese raamwerk waarop die FaithStyle-gids berus en siedaar, hy spoeg vir jou 'n visualisering uit wat met die eerste oogopslag lyk soos 'n kind wat met 'n koukie en 'n passer op 'n stuk papier gespeel het. Jy druk dit uit en gaan sluit jou aan by die mededeelnemers van 'n tweedagslypskool oor die waarhede en moontlike waarde van hierdie nuwe benadering tot geloofsvorming.

Van nader beskou, is daar fyn orde en patrone. Die diagram voor jou is, pleinweg gestel, hoe jy tans oor geloofs-goed dink: God, jouself, ander en omgewing.

Die teoretiese raamwerk waaier uit van klein na groot: 3 – 8 – 24.

Daar is drie perspektiewe.

Daar is agt ontmoetingspunte.

En dan 24 geloofstyle – oftewel wyses waarop mense tipies glo.

“Ons sit jou nie in 'n boksie nie,” skerm ds Anandie Greyling, medeaanbieder, vroegtydig en by herhaling. “Die basiese teorie is dit is verskillende perspektiewe. Dink daaraan soos as jy verskillende lense opsit om na iets te kyk. Die een is nie beter as die ander nie. Ons is nie besig om 'n agenda te dryf nie,” sê sy. “Die hele ding agter die FaithStyles is om te kan sê: ‘Ek hoor en sien dat jy met 'n perspektief wat anders is as myne na iets kyk,’ verduidelik

Greyling. Sy is op vryskutbasis deur Bybel-Media (BM) se hoof- uitvoerende beampte, dr Nico Simpson, betrek om die gids te help ontwikkel en op 13 en 14 Oktober die eerste slypskool van sy soort in die Fergusongebou op Wellington in die Boland aan te bied.

Elke deelnemer se antwoorde op die vraelys “plot” hulle dan individueel met betrekking tot bogenoemde “bakens” sodat jy kan sien watter van die perspektiewe by jou voorop staan:

- Konvensioneel (Fokus op “teachings and texts”)
- Reflektief (Fokus op individuele interpretasie)
- Paradoksaal (Fokus op die omarming van teenstrydigheid)

Simpson verduidelik dat die projek gewortel is in die akademiese werk van die teoloog James Fowler (1940-2015), op wie se bekende boek *Stages of faith* die nuwe raamwerk sinspeel.

“Fowler sê geloof gaan oor hoe jy ‘ultimate meaning’ skep,” het Simpson aan die klein groepie slypskoolgangers verduidelik. “Wat is die ding waarmee jy jou kop besig hou? Wat is die ding wat jy met jou geloofstyl probeer beantwoord?”

Vanuit die drie basiese perspektiewe beweeg die ontleding na die ontmoetingspunte, soos die handleiding dit beskryf: “In life and in faith there are 8 distinct ways in which you can encounter God, God’s coming into this world and God’s people. These 8 ways offer points of encounter, namely: Engage, Embody, Care, Centre, Accept, Flourish, Embrace and Nurture.” Hierdie punte skuif deur die loop van 'n mens se lewe en op jou geloofsreis, benadruk Simpson.



Ds Anandie Greyling, medeaanbieder van FaithStyle. Foto: Le Roux Schoeman

Die vergestaltung van sterk bewussyn in elk van daardie punte vir al drie die geloofsperspektiewe lei daartoe dat daar sprake is van 24 geloofstyle. Dit wissel van “argetipes” soos Gids en Pilgrim (albei Paradoksaal maar met ander ontmoetingspunte) of Onderwyser en Kurator (albei Reflektief, maar met ander ontmoetingspunte) asook Vrywilliger of Evangelis (albei Konvensioneel, maar met ander ontmoetingspunte).

So, wat is die waarde wat BM probeer ontgin met hierdie benadering? wonder 'n mens onwillekeurig wanneer die opwinding oor die vars, interaktiewe aanwending van Fowler en ander se teorie gaan lê. “Ek wil hê BM moet deep grace uitdeel, nie cheap grace nie,” sê Simpson. Hy meen daar word onderspeel hoeveel “shame” daar in godsdiens kan wees. Hierdie beskaming laat mense

voel hulle is nie goed genoeg nie, bid nie genoeg nie, doen nie genoeg nie. Hy self het al so gevoel aan die ontvangkant van sommige preke, vertel Simpson. “Bid ons genoeg? vra die dominee. Natuurlik nie, want ek is 'n wurm,” sê Simpson meteens geanimeerd. “Maar gee net vir my 'n aanduiding dat jy sien ek probeer my bes!”

Simpson bring die FaithStyle-gids direk hierby in wanneer hy verduidelik dat hy vir mense wil sê: “Jy is vir God aanvaarbaar. Meer as wat jy kan dink.”

BM is, naas die uitgewer van *Kerkbode*, *LiG*, teologiese publikasies en kategesemateriaal, 'n maatskappy wat toenemend moet innoveer te midde van ski-helling-agtige afname in die verkope van haar dekadellange kernbevoegdheid: gedrukte media. Nou is die vraag of dieper insig in waar lesers op hulle geloofsreis is, van nut kan wees in die digitale inhoudsomgewing, waar algoritmes floreer op data wat gebruikers onderskei en inhoudskeppers toelaat om meer nommerpas te werk te gaan as in papierformaat. Kan Fowler en kie vir BM help om te weet watter soort geloofsinhoud by lesers sal aanklank vind en kan nuwe tegnologie hulle toelaat om toepaslike reisgenote te koppel ... byna op die manier wat Netflix vir jou voorsê watter reeks om volgende te kyk of YouTube vir jou aan inhoud bekendstel wat buite jou soekveld en tog binne jou belangstellingsveld val? Simpson en Greyling hoop so.

Op die laaste dag, voor die opsomming, onderstreep Simpson die waarde wat hy voorsien vir hierdie gids, wat kennelik nog in sy doeke is: “(Dit sê vir mense) waar jy is en hoe jy glo ... daar is nie shame daarin nie.”



PETRA KERK TOEP (Church app)

JOU GEMEENTE IN JOU SAK!

VINNIGE EN EFFEKTIEWE SKAKELING MET DIE GEMEENTE IS NOU MOONTLIK MET HIERDIE NUWE APP.

- Gebruikersvriendelik
- Geskik vir Android en Apple
- Maklike kommunikasie tussen lidmate, kerkleierskap en leraars
- Gemeentenuus via “push notifications”
- Videos van preke kan uitgestuur word
- Siekte kan dadelik aangemeld word
- Betalings via app (Fase 2)
- Daaglikse Bybelteks-opsies
- Lidmate kan gemeenteaktiwiteite op hulle eie kalender plaas
- Gemeentes kry hul eie databasis en unieke ontwerp

VANAF R550
PER MAAND
PER GEMEENTE

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

DS ALBERT CRUYWAGEN | INFO@PETRACHURCHAPP.CO.ZA | 082 823 0785 | PETRACHURCHAPP.COM

VERSTAAN die Bybel

Torā – 'n moderne wet, of die Here se liefdevolle onderwysing?

FANIE CRONJÉ

Die Hebreeuse woord *torā* word byna sonder uitsondering in Afrikaanse Bybels as “wet” vertaal. Alhoewel dit inderdaad een van die vertalingsmoontlikhede van *torā* is, is dit 'n vertaling wat lesers eerder verder van die teks af neem, as wat dit die betekenis van die Hebreeus duidelik maak.

In post(laat)-moderne Westerlinge soos ons se gedagtes het “wet” hoofsaaklik die betekenis van 'n statutêre reëling, afdwingbaar deur 'n hof. Versuim om by die wet te hou kan vervolging deur die staat, moontlike skuldigebevestiging en die oplê van 'n boete en/of tronkstraf tot gevolg hê.

Daar is egter byna geen verband tussen die Hebreeuse woord *torā* en ons verstaan van “wet” vandag nie. Daarom

is dit beter om *torā* meermale eerder met woorde soos “onderwysing”, “onderrig”, “lering” of “reël” te vertaal. In die Ou Testament hou *torā* immers eerder verband met hoe die Here ons leer om te lewe en oor reëlings wat geld, sodat mense onderling in vrede met mekaar kan leef. Ons sou kon sê dat die *torā* God se wil vir mense is, sodat mense as medemense kan saam leef. Deur te hou by God se *torā* bly 'n gemeenskap heel en kan mense in gemeenskappe gedy.

Psalm 19:8-10 stel die betekenis van die *torā* treffend (eie direkte vertaling):

⁸ Die *torā* van JHWH is volmaak; dit bring terug (verfris) die lewe; die onderwysing van JHWH is seker; dit maak wys die onervarene.

⁹Die aanwysings van JHWH is reguit; hulle verbly die hart;

die gebod van JHWH is helder; dit verlig die oë.

¹⁰Die vrees van JHWH is rein; dit staan altyd vas;

die oordeel van JHWH is betroubaar en regverdig daarmee saam.

Talle Suid-Afrikaners beleef dat die Grondwet ten spyte, ons gemeenskap al hoe meer gewelddadig word. Dié toedrag van sake lei daartoe dat baie mense al hoe meer in vrees lewe, dat al hoe meer mense die reg in eie hande wil neem en dat Suid-Afrikaners meer en meer vervreem van mekaar raak.

Ons het die roeping om as kerk van die Here Jesus Christus die *torā* van die

Here as 't ware deel van ons DNS te maak. Wanneer ons dit doen, so beduie Psalm 19, sal ons vind dat die *torā* “kosbaarder is as goud, ja, as baie fyn goud

en soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.”

Wanneer ons die wil van die Here met ons lewe integreer, sal die nakom van die Here se wil spontaan vanuit ons binne na buite vloei. Sodoende sal ons in ons huidige geweldgeteisterde, gepolariseerde Suid-Afrika ten minste daar waar ons leef, speel en werk, medemenslikheid laat seëvier.

► Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Aan die einde van die historiese Rustenburgkerkeberaad wat in November 1990 plaasgevind het, is 'n verklaring deur die verteenwoordigers van meer as 80 kerke uitgereik waarin gesê is dat wat tydens die apartheidjare gebeur het, nooit weer in hierdie land mag gebeur nie. Kerkleiers is opgeroep om hulle te beywer vir 'n samelewing waarin die *shalom* – die vrede van God – sigbaar sou word. Dit moes gebeur deur gehoorsaam te wees aan die groot sendingopdrag – om mans en vroue te lei tot bekering en persoonlike geloof in Jesus Christus. Dan sou hulle onder leiding van die Heilige Gees vrug kon dra in 'n gebroke wêreld wat sou lei tot geregtigheid, vre-

de en heelheid. Die gebeure van die afgelope weke wys in hoe 'n mate hierdie droom aan skerwe lê.

Die moord op Brendin Horner op Paul Roux het 'n vergrootglas op 'n terminaal siek samelewing geplaas. Wanneer 'n jongman vermoor word en sy liggaam iewers langs 'n plaaspad aan 'n paal vasgemaak word, wanneer 'n gerepekteerde senior speurder in Bishop Lavis helder oordag koelbloedig voor sy seun tereggestel word en twee weerlose vroue in Polokwane weens 'n loongeskil vermoor word – om net enkele voorbeelde te noem – het 'n baie donker wolk oor postapartheid Suid-Afrika ingeskuif.

Die donker wolk het egter 'n silwer randjie. Die geweld wat na aanleiding

van Horner se dood op Senekal losgebars het, het ongelukkig 'n belangrike gebeurtenis wat dit voorafgegaan het oorskadu – honderde mense wat in gebed kniel en bid vir reg en geregtigheid. Dit is op Saterdag 10 Oktober opgevolg met 'n optog na die Uniegebou – waar daar weer honderde was wat saam gebid het – tekens van 'n burgerlike samelewing wat genoeg gehad het van die slagting maar wat weet waar hulle hoop en heil vandaan kom.

In reaksie het die NG Kerk in die Vrystaat gemeentes opgeroep tot 'n week van verootmoediging en gebed waarin voorbedding gedoen word vir die hele situasie rakende plaasmoorde en korrupsie in ons land. Daar is gevra dat

elke gemeente vanaf 10-15 Oktober daaglik om 12:00 hulle kerk se klok moes lui en elke lidmaat is versoek om daar waar hulle is, tot stilstand te kom en voorbedding te doen vir alle plaasgemeenskappe. Die groot vraag is: Hoe kom net die Vrystaat? Waar was die res van die NG Kerk? Meer nog: Waar is die res van die kerke in Suid-Afrika wat dertig jaar gelede in Rustenburg was?

Die tyd van verklarings deur kerkleiers en stille protes is duidelik verby. Lidmate soek meer. Miskien is daar nog genoeg energie in die NG Kerk oor om iets meer te doen.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

In die week nadat ons na Vlak 1 van die Covid-19-rampstoestand beweeg het, vra ek orals waar ek kom: “En wie was Sondag in die kerk?” Die antwoord was: byna niemand nie. In die sewe maande sedert die inperking begin het, het ons al meer op skerms begin leef: TV, rekenaar en slimfoon. Mense kla dat hulle moeg is vir aanlyn werk en Zoom-vergaderings, maar in die regte lewe is dit net soveel gemakliker om die erediens te “livestream” as om uit jou huis te kom en kerk toe te gaan.

Ons leef in 'n wêreld waarin mense al hoe meer self-isoleer. Covid-19 het dit nie veroorsaak nie, dit het net die groot kragte wat lankal aan die werk is, ver-

Kom uit self-isolasie

snel. Hoë misdaad het hoë heinings gebring, betaaltelevisie het sport en vermaak na ons woonkamers gebring, slimfone het jou vriende en winkels in jou handpalm geplaas, dit is makliker om aan tafel na jou foon te kyk as om te gesels. Op 'n groter skaal het ons in Suid-Afrika 'n regering wat mag en funksies uit die hande van gemeenskappe haal en dit sentraliseer, wêreldwyd die tendens na al groter individualisering.

Peter Block skryf in sy boek *Community, the structure of belonging* dat hierdie tendens meebring dat gemeenskappe al minder in staat is om hulle eie uitdagings te hanteer en probleme op te los. In Suid-Afrika moet ons baie deeg-

lik hiervan kennis neem.

Ervaring en navorsing wys dat groot sosiale probleme, waarvan ons oorgevoel in Suid-Afrika het, nie deur programme van sentrale regerings of hulporganisasies opgelos word nie. Blywende oplossings kom wanneer 'n gemeenskap self verantwoordelikheid neem vir hule sake.

Na afloop van die Algemene Sinode van 2019 het die NG Kerk die skep van versoerende ruimtes en plaaslike netwerke as hoogste prioriteite gestel. Hierdie is nie sentimentele goedvoelprojekies nie, dit gaan oor 'n nuwe manier om oor onself te dink: as brugbouers, as deel van die gemeenskap in Suider-Afrika. En dan nie as

die ryk en bekwame kerk wat hulpelose mense gaan help nie, maar as 'n kerk wat saam bou aan nuwe gemeenskappe.

Moenie hiervoor skrik nie, dit gebeur reeds op plekke. In Vlak 1 en 2 van die inperking het ons gesien hoe gemeentes wat reeds netwerke in die gemeenskap het, baie vinniger en meer effektief kon optree. Dit gebeur reeds en dit is moontlik. Wat nodig is, is dat gelowiges en gemeentes uit hulle self-isolasie tree en deel word van God se beweging in die wêreld. Die God wat ons dien, is 'n gemeenskapstiger.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

Voorspoed, teenspoed en misterie

Cas Wepener wonder oor die misterie-potensiaal van die aan- of afwesigheid van ellende.

O nlangs publiseer 'n kollega in Nederland, Mirella Klomp, 'n boek wat handel oor haar bestudering van die jaarlikse opvoering van die musiekskouspel *The Passion*. Elke jaar op die dag voor Goeie Vrydag, al vir 'n dekade lank, word die passie deur Nederlandse glanspersoonlikhede op 'n stadsplein opgevoer. Die Nederlandse publiek neem deel deur na die stadsplein te gaan en saam met die kruis te stap; op hulle televisie daarna te kyk; en om die skouspel en kommentaar daarop op sosiale media te volg.

In haar boek opper Klomp die moontlikheid dat kwantitatiewe koue statistiese peilings op grond waarvan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat Nederlanders gewoon nie meer godsdienstig is nie, dalk baie eng na die toedrag van sake kyk.

Sy wys hoe *The Passion* as spel, al spelende, moontlikhede oopmaak vir God en spiritualiteit. Dit in 'n land waar sommige mense gedink het bitter min sulke ruimtes nog bestaan. Ek dink sy het 'n goeie insteek en kyk op 'n beter plek na die aanwesigheid van godsdiens, te wete 'n passiespel en dus wat mense doen, eerder as net na statistiese opnames. Statistiek laat dit soms klink asof iets so kompleks soos godsdiens en geloof somer maklik en klinkklaar in getalle verpak kan word.

In hierdie verband is praktyke van groot waarde. 'n Praktyk is ook 'n teks wat, indien dit stip gelees word, heelwat inligting bevat.

Toe ons destyds skole vir ons kinders moes kies, het iemand vir ons baie goeie raad gegee. Die persoon het gesê ons moenie net kyk na wat die skool op sy webwerf kwyttraak of luister na wat die hoof vir jou vertel nie, gaan woon ook die jaarlikse opvoering by. Dit was goeie raad, want daar in die toneelopvoering is al die waardes van die betrokke skool uitgestal op die verhoog. Al die kodes is daar, jy moet dit net gaan lees en dit is stukke eerliker en betroubaarder as enige inligtingstuk of webwerf. Die kultuur en waardes van die skool word daar in die opvoering ten toon gestel en sonder dat die skool dit self besef, is daardie maskers die skool se ware gesig.

Terwyl ek die boek oor *The Passion* gelees het, kon ek nie anders as om die insigte met my eie Suid-Afrikaanse konteks te vergelyk nie. Wat opgeval het, en wat ek dink anders uitspeel op Gouda as in die Goudstad, is presies wanneer diegene wat *The Passion* bywoon, sogenaamde godsbelewensisse het. Klomp gebruik die taal van die filosoof Richard Kearney om dit onder woorde te bring, naamlik dat God weer 'n moontlikheid vir deelnemers word.



GODSDIENSPRAKTYK: "Die meeste van my eie bestudering het ek nie by 'welaf' Hollanders op 'n stadsplein gedoen nie, maar op voetsoolvlak in Suid-Afrika," vertel die skrywer in dié stuk. "En dit was by lidmate van kerke in plekke soos Langa in die Wes-Kaap, Phepheni in die Oos-Kaap en Atteridgeville in Gauteng".

Foto: Cas Wepener

En telkens tref ons in Nederland, aldus die boek, daardie moontlikheid aan wanneer deelnemers die kruise in hulle eie lewe in verband bring met die kruis en lyding wat in die passiespel opgevoer word. Sy skryf: "As they walk with the cross, it becomes clear to us how the suffering Christ may walk with them."

Daar gebeur dus by hierdie mense iets wanneer hulle hulle eie lyding in verband bring met die lyding van Christus – dit is asof iets daar oopgaan vir die mense. En dit in die land wat as die mees gesekulariseerde in Wes-Europa bekend staan.

Ek kon nie help om in die lig hiervan weer te kyk na my eie werk oor die laaste twee dekades nie. Die meeste van my eie bestudering van praktyke het ek nie by 'welaf' Hollanders op 'n stadsplein gedoen nie, maar op voetsoolvlak in Suid-Afrika. En dit was by lidmate van kerke in plekke soos Langa in die Wes-Kaap, Phepheni in die Oos-Kaap en Atteridgeville in Gauteng. En ja, die mense met wie ek gesels leef nie in 'n konteks wat deurgeloopt het onder sekularisasie nie. Wat wel opval, is dat hulle godsbelewensisse, nie uitsluitlik nie maar tog opmerklik dikwels, op die teenoorgestelde belewenis berus as dié van die Hollanders wat in die boek beskryf word.

Telkens in my eie gesprekke met mense het hulle godservaringe gekoppel aan die afwesigheid van pyn, swaarkry, en kruise in hulle eie lewe. In Nederland wil dit voorkom, vind mense die moontlikheid van God in oomblikke van lyding. In Suid-Afrika was dit dikwels eerder in die afwesigheid van lyding. Of dit was veral in oomblikke, soos tydens sekere eredienste, waar die swaarkry ten minste vir 'n klein rukkie vergeet kon word.

Dit sal van relatief min waarde wees om twee soorte belewenisse van mense in sulke verskillende omstandighede

teenoor mekaar af te speel. Dit het my wel laat wonder oor die misterie-potensiaal wat sit in die belewenis van dit wat anders is. Spesifiek dit wat anders is as waaraan ek gewoond is, hetsy die aan- of afwesigheid van ellende.

Wanneer my dag tot dag bestaan dié van relatiewe welvaart en die afwesigheid van swaarkry is, wel, dan is pyn en lyding 'n andersheid. Ek word gekonfronteer met die onbekende, die aand-skemering daal, Minerva se uile vlieg en ek soek antwoorde. Lyding is selde alleen rasioneel te verklaar, vra maar vir Job, en die antwoord sit soms in die vreemdheid van 'n ontmoeting.

Wanneer my dag tot dag bestaan dié van swaarkry is, wel, dan is die belewenis van die moontlikheid van die afwesigheid van pyn en swaarkry weer die andersheid. En in beide gevalle besit die herkenning van andersheid die potensiaal van misterie wat help met singewing. God word opnuut 'n moontlikheid.

En nou wonder ek ook oor die woord 'voorspoed', spesifiek hoe dit dikwels in kerk en teologie gebruik word. Wanneer ek praat van 'die gruwelike voorspoedsevangelie' of 'die voorspoedsteologie van 'n verbruikerskultuur', op wie se voorspoed dui dit nou eintlik, dié van die mense wat daarna smag, of op myne?

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.

NG GEMEENTE RIEBEEK-WES

VAKATURE: VASTETERMYN-LERAARSPOS (KONTRAKPOS) TWEE JAAR

GEMEENTEPROFIEL: Riebeeck-Wes is 'n plattelandse dorp in die Swartland, aan die voet van Kasteelberg in die prentjiemooi Riebeeck-Vallei. Die dorp is sentraal geleë: 30 km vanaf beide Malmesbury en Moorreesburg, 50 km van die Paarl en 70 km van Durbanville. Die gemeente het 250 belydende en 60 dooplidmate, met heelwat bejaardes. Daar is sewe dorpswyke, een tehuis vir bejaardes en vier plaaswyke. Die boerderygemeenskap vorm 'n sterk deel van die struktuur en funksionering van die gemeenskap.

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE:

- Riebeeck-Wes-gemeente het 'n leraar nodig wat lief is vir mense, wat begrip toon vir die plattelandse gemeenskap se unieke omstandighede en geroepe voel vir die bediening op die platteland; met 'n begrip vir die invloed van die landbou op die gemeente en die breër gemeenskap.
- 'n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat geroepe voel om die gemeente op te bou tot 'n aktiewe dienende gemeente.
- 'n Leraar wat ingestel is op persoonlike kontak, opbouende kommunikasie en verhoudinge bou deur onder andere huisbesoek en ander pastorale besoeke.
- 'n Leraar wat buitekerklikes kan identifiseer en hulle kan aanmoedig om deel te wees van die gemeente.
- Gemaklik in die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- 'n Leraar wat die jeug kan inspireer om betrokke te wees by die kerk, maar wat ook die behoeftes van bejaardes kan aanspreek.

VERGOEDING EN VOORDELE:

- Die pos is vir 'n twee jaar termyn, maar kan met wedersydse instemming verleng word.
- 'n Salarispakket van R300 000 (TKVI) word as riglyn gestel. 'n Vervoertoelae (addisioneel tot bg pakket) is onderhandelbaar en sal tydens die onderhoud bespreek word.

AANSOEKE: Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV met 'n dekbrief waarin gemotiveer word waarom u geroepe voel om hierdie taak op te neem. Rig aansoeke aan: E-pos: ngkerkriebeekwes@telkomsa.net of tel: 022 461 2518. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

SLUITINGSDATUM: 30 November 2020.

Diensaanvaarding: So gou moontlik na die nodige prosesse voltooi is.

NAVRAE:

- Ds André du Plessis (konsulent): 082 579 1886.
- Ouderling Danie Sadie: 083 452 9242.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG Gemeente Helderberg**Voltydse leraarspos**

In biddende afhanklikheid van die Here adverteer ons die pos van voltydse leraar.

Vereistes:

- Uitleef van die visie en waardes van die gemeente: "Leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood" (leerbaarheid; gasvryheid; deernis en vertroue).
- Gelegitimeerde predikant van die NG of VG Kerk jonger as 35 jaar. (5-10 jaar bedieningservaring).
- Geloofs- en emosionele volwasse persoon.
- Vermoë om in 'n span te kan saamwerk.
- Vermoë om goeie verhoudinge te kan bou.
- Sterk passie en aanvoeling vir gesinne en families.
- Goeie kommunikeerder.
- Kreatiewe en innoverende denke oor bediening.
- Verwag dat persoon in die bedieningsarea van die gemeente woonagtig sal wees.

Aanlyn aansoekvorm: www.nghelder.co.za of <https://forms.gle/XpTGTR5wR7fmTNvX7>

Vergoeding: Pakket, in lyn met sinodale riglyn, op aanvraag beskikbaar (Huissubsidie ingesluit).

Sluitingsdatum: 6 November 2020.

Diensaanvaarding: 1e Kwartaal 2021.

Navrae: Andre Westraat (082 339 7851 of westraat@mweb.co.za)
Dr Danie O' Kennedy (083 375 8441 of danieok@nghelder.co.za)

Die gemeente behou haar die reg voor om 'n beroeping uit te bring.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida
Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NG Kerk

BEROEP: Ds Annatjie Steyn na Pietermaritzburg-Noord; dr Diederick Johannes (Dirk) Venter van Swartruggens na Vrede.

AANVAAR: Ds Landi Botha van Rietfontein-Suid na Lyttelton.

NOORD-KAAPLAND**EMERITEER**

Ds GP Barnard van Oranjevallei en ds TE Smit van Upington-Wes sal dv emeritaat ontvang einde November 2020. (Ds Theunis E Smit, Ringskriba, 13.10.2020).

KWAZULU-NATAL**BEVESTIGING**

Ds Armando le Roy Fraenkel het die beroep na NG gem Umhlanga aanvaar. Hy word op 1 No-

vember in die amp bevestig en lewer sy intrepreek op 8 November. (Christa Bester, Skriba, 14.10.2020).

NOORDELIKE SINODE**BEVESTIGING**

Prop CF (Erick) Mulder het die beroep na NG gem Blouberg aanvaar. Hy word op 31 Oktober in die amp bevestig en lewer sy intrepreek op 1 November. (Ds Bertus Badenhorst, 06.10.2020).

Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:

Sel: 072 357 8914.

E-pos: woes@mweb.co.za

Radio Kaapse Kansel 729AM

Skakel in op Radio Kaapse Kansel 729AM. Dis AM, nie FM nie, so maak seker jy druk die AM/MW knoppie op jou radio en kies dan 729.

Laai die *Radio Cape Pulpit App* gratis op jou slimfoon.



info@kaapsekansel.co.za   

NG GEMEENTE KLERKSDORP-SUID**Vakature: Voltydse leraar in vastetermynpos**

Die kerkraad van Klerksdorp-Suid-gemeente maak in biddende afhanklikheid van die Here die vakature van voltydse leraar in 'n vastetermynpos van een (1) jaar bekend. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde leraars, proponente en emiriti van die NG Kerk wat geroepe voel om in hierdie gemeente te kom dien.

Klerksdorp-Suid-gemeente is 'n marginale gemeente wat deel uitmaak van die Goudland Sinode, en is geleë in die suide van Klerksdorp met 194 besoekpunte, 308 belydende en 33 dooplidmate. Die lidmate se gemiddelde ouderdom is 60+ wat in die stad woonagtig is. Die gemeente het sterk interpersoonlike verhoudinge gebou dmv geestelike groei, samewerking met projekte en saam ontspan.

Leraars, proponente en emiriti wat aansoek doen moet

- 'n Lewende, persoonlike verhouding met die drie-enige God hê.
- Skrifgetroue en inspirerende prediker met 'n gemaklike preekstyl wat kinders tydens die erediens betrek.
- Met alle ouderdomsgroepe goeie interpersoonlike verhoudinge kan bou en handhaaf.
- Goed in 'n span kan werk.
- 'n Hart vir aktiewe bediening hê, met die doel om 'n verskil in mense se lewe te maak.
- Gemaklik wees met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate op alle lewens-terreine en lewenstadia.
- In staat wees om deur volwasse leierskap, gemeentelidmate te versterk en die gemeente daardeur verder geestelik te laat groei.

Die leraar sal verantwoordelik wees vir die nakoming van alle ampspilte, soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die KOSH-streek van Sinode Goudland. As gevolg van die unieke omstandighede van hierdie gemeente, word 'n totale koste van indiensneming pakket van R180 000 per jaar aangebied. 'n Ruim pastorie met voorafbetaalde elektrisiteit deur die leraar is beskikbaar.

Voornemende aansoekers uit die NG Kerk word genooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente, sowel as 'n getuigskrif van die voorsitter van die kerkraad van die laaste twee gemeentes waar gedien, elektronies te stuur vir aandag:

Die Voorsitter van die Dagbestuur: klerksdorpsuid@absamail.co.za

Sluitingsdatum: 27 November 2020.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik, met inagneming van die suksesvolle aansoeker se persoonlike omstandighede.

Rig navrae aan:

- Marinda van Rensburg (Saakgelastigde) 018 462 3683 (08:00-13:00) (Ma- Wo en Vr)

Die kerkraad hou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak nie uit die aansoeke wat ontvang is.

NG MOEDERGEMEENTE KURUMAN**VAKATURE: ENKELLERAARSPOS – VOLTYDS****Gemeenteprofiel:**

NG Moedergemeente Kuruman is 'n plattelandse gemeente in die Noord-Kaap. Ons dorp beskik oor goeie laer- en hoërskole. Ons gemeenskapsbetrokkenheid behels oa finansiële bydraes en vrywillige hulp tot die versorging van bejaardes in die plaaslike Mimosahof Tehuis vir Bejaardes, asook die ACVV Kurumantak en NGKA Phororo Talrinagemeente. Ons gemeentelidmate is passievol oor kerkwees tov bemoediging en omgee vir ons medemens en entoesiasies en hardwerkend tov fondsinsamelingsprojekte, bv ons basaar, seniorlidmaatete, ens. Ons gesamentlike Kerssangdienste is jaarliks 'n hoogtepunt op die kalender. Ons wil graag saam met die nuwe leraar werk en groei. In die afwesigheid van 'n predikant het die gemeente steeds floreer en het tydens die inperkingsperiode projekte aangepak om gemeentebetrokkenheid te verseker. Ons het goeie samewerkingsverhoudinge met ons plaaslike susterskerke. Ons word sedert Junie gedeeltelik bedien deur ons buurgemeenteleraar. Die twee plaaslike NG gemeentes is egter te groot om deur een predikant bedien te word.

Die gemeenteprofiel bestaan uit 555 belydende en 110 dooplidmate, waarvan die meerderheid belydende lidmate bo 46 jaar oud is. Ons behoefte is egter dat alle ouderdomme ewe entoesiasies bedien moet word. Ons gemeente is oop vir vernuwings en missionale groei. Ons gemeente bestaan uit 'n boere-, sake- en mynbougemeenskap. Ons het twee plaaswyke (verste wyk 180 km) wat oa een keer per maand met 'n erediens bedien word.

Leraarsprofiel:

- Passievol oor die erediens en aanbidding daarvan.
- Pastorale versorging is baie belangrik.
- Beskik oor leiereienskappe om die gemeente in alle fasette (erediens, kategese, Bybelstudie, gemeente-aktiwiteite (basaar, kommissies) te laat groei.
- Beskik oor samewerkingsvermoë ten einde groei te bewerkstellig in gemeente, gemeenskap en ring.
- VBO-punte moet op datum wees.
- Die geskikte kandidaat moet tuis wees in ons gemeente en 'n eie identiteit kan uitleef.

Pilte: Soos omskrywe in Artikel 9 van die kerkorde.

Vergoeding en voordele: Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn. Drieslaapkamer-pastorie met munisipale dienstoelaag, telefoontoelaag.

Aansoek: E-pos asb volledige CV met minstens drie referente voor **30 November 2020** na die kerkkantoor: ngkur@xsinet.co.za

Diensaanvaarding: 1 Maart 2021.

Navrae:

Erika Ekkerd (Skriba) 053 712 0657. Erika Kotzé (Kassier) 053 712 0657. Ds Christo Jonck (Waarnemende leraar) 082 948 2017.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parkering. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN B@HOME

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenheid met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.
Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of 083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoopcentrums. Vanaf: R250.
Skakel Hanlie, 084 400 2693.
hanlidevilliers@webmail.co.za

JOHANNESBURG – Verhuur jou huis in die Kaap en kom geniet Linden se sjampanjeweer, 3 slaapkamers, 2 badkamers, onderdakparkering, DSTV. Charlotte – 082 406 2521, gawiegc2@gmail.com

VAKANSIE- AKKOMMODASIE

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenheid volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

MARGATE/MANABASTRAND: Ithaca woonstelle – stapafstand van Lucien- en Margate-strande. Oopplanwoonstel – slaap 4 (2 volw en 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba-spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.

REEBOK/TERGNIET (MOSSELBAAI)

2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

ST LUCIA: Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorgeenheid met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geld tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@iafrica.com

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

NG KERK DIFFERENTIA

VAKATURE: JEUGWERKER

Die NG Kerk Differentia stel hiermee 'n jeugwerkerspos bekend. Dit is 'n deelydse pos wat tot 'n voltydse pos kan ontwikkel. Dit is 'n nuwe pos en bied daarom baie ruimte vir kreatiwiteit, ontwikkeling en groei.

Jeugwerkerprofiel:

Moet 'n lewendige verhouding met die Here hê en die begeerte om Hom te dien; goeie verhoudings met en liefde vir jongmense hê; 'n leerbare gees hê; in 'n span kan saamwerk; passievol en kreatief wees, en verkieslik 'n lidmaat van die NG Kerk, maar nie noodwendig nie.

Pligte:

- Die intensiewe bou van verhoudings met die skoolgaande jeug en hulle ouers.
- Die administratiewe en logistieke reëlings van kampe, uitstappies, katechese en jeugbyeenkomste.
- Die ontwikkeling van 'n span vrywilligers om die jeugbediening te stimuleer.

Vergoeding en voordele:

- 'n Mededingende vergoedingspakket sal onderhandel word met inagneming van kwalifikasies.
- Die pos is deelydse (18-25 uur per week), maar het die potensiaal om uit te brei.

Aansoek:

Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met kontakbesonderhede van drie referente. CV's moet vergesel word van 'n beskrywing van jou siening oor die rol van 'n jeugwerker en 'n kort beskrywing van jou sterkpunte en groei-areas. Rig alle CV's aan: ngkerk@absamail.co.za

Navrae: Dr Gys Loubser 083 5500 895.

Sluitingsdatum: 15 November 2020.

NG GEMEENTE OUDTSHOORN-PARK (Dolerend)

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad hierdie pos bekend vir aansoeke.

GEMEENTEPROFIEL:

Die NG gemeente Oudtshoorn-Park is een van ses NG gemeentes in Oudtshoorn. Die gemeente is in 1982 gestig. Die gemeente bestaan uit ongeveer 550 belydende en 120 dooplidmate. Die gemeente is verdeel in 20 dorpswyke, 'n plaaswyk en ook twee af-treëoorde in die gemeente. Oudtshoorn is geseënd met goeie laer- en hoërskole. Oudtshoorn-Park se visie is: "Bou sy koninkryk".

Aansoekers moet dit in gedagte hou dat Oudtshoorn-Park 'n dolerende gemeente is.

LERAARSPROFIEL:

Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik:

- Iemand wat die Here liefhet en 'n roeping het om in sy diens te staan.
- Iemand vir wie Skrifgetroue Bybelse lering vooropstaan (ook die suiwer Gereformeerde leer).
- Iemand wie se liefde vir mense in diensbaarheid en getroue pastorale besoeke (huisbesoek) gestalte vind.
- Iemand wat 'n passie het vir die Here se groot opdrag.
- Iemand wat die breëre gemeenskap tot seën wil wees.
- Die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde.

VERGOEDINGSPAKKET:

Volgens sinodale riglyne. 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

AANSOEKE:

'n Volledige CV van ongeveer drie bladsye (met die name en kontakbesonderhede van drie referente).

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en moontlike preekbeurt.

Sluitingsdatum vir aansoek: 20 November 2020.

Datum van diensaanvaarding: DV 1 April 2021.

Stuur aansoek na:

NG Oudtshoorn-Park, Buitekantstraat 200, Oudtshoorn 6620

E-pos: ngpark@cybersmart.co.za

NAVRAE:

Johan Myburgh – 082 498 2259.

Andre Retief – 044 272 8295.

Kobus Nel – 044 272 4663.

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE DOUGLAS

Vakature: Voltydse leraarspos

Die kerkraad van die NG gemeente Douglas wag in afhanklikheid aansoek in vir die bogenoemde pos.

Gemeenteprofiel: Douglas is 'n plattelandse gemeente in die Noord-Kaap met sowat 607 belydende en 165 dooplidmate. Die gemeente bestaan uit 15 wyke met 'n totaal van ongeveer 336 besoekpunte. Hiervan is 280 in die dorp en 56 op plase.

Leraarsprofiel:

- Moet goed in spanverband kan saamwerk.
- Duidelike roeping om op die platteland diensbaar te kan wees.
- 'n Passie vir pastorale sorg met lidmate in verskillende lewenstadia.
- Hart vir barmhartigheidsdiens en missionêre ingesteldheid wat doelgerig nagestreef word in skakeling en betrokkenheid in gemeenskap.
- Moet oor 'n inklusiewe ekklesiologie beskik wat veral weerspieël word in skakeling en samewerking met ander denominasies.
- Goeie kommunikasievaardighede (insluitend elektronies en digitaal).
- Voorkeur sal gegee word aan aansoekers tussen die ouderdom van 28 en 52 jaar.

Pligte:

- Soos ooreengekom met die kerkraad met Artikel 9 van die kerkorde as uitgangspunt.

Vergoeding:

- Vasgestelde pakket volgens sinodale skaal.
- Voorsiening word ook gemaak vir reiskoste, medies, pensioen en ander toelaes.
- 'n Ruim en doelmatige pastorie is ingesluit by die pakket.

Aansoek:

Belangstellendes word uitgenooi om 'n volledige CV met hulle besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van twee referente te stuur aan die gemeentebestuurder by ngkdouglas@gmail.com

Sluitingsdatum: 15 November 2020.

Navrae:

- Ernie Brümmer 084 548 2373
- Suretha Meintjes 053 298 1316 / 084 840 2321

Die kerkraad behou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoek ontvang nie.

Dana op reis

Dana Snyman

Foto: Adrian de Kock



Troues: Van toeka tot nou

Omtrent niemand trou meer in 'n kerk nie. Jy trou nou by die Villa Toscana Wedding Village of die Kraalkop Boutique Wedding Destination – sulke plekke. Deftig. Duur.

So 'n plek het dikwels sy eie klein kape. Of daar word op die strand getrou. Of onder 'n boom op daardie wildplaas, met 'n troppie rooibokke wat iewers in die agtergrond wei. Hoe koel is dit nie.

Dit is asof 'n gewone ou kerkgebou te gewoen geraak het vir 'n troue.

'n Mens voel byna verplig om neer te skryf hoe sulke kerktroues verloop het om iets daarvan in die museum van jou herinneringe te probeer bewaar.

Hoe die bruiroesgaste op 'n Saterdagmiddag by die kerk aangekom het. Die mans in 'n pak klere, die vroue met gesalonde hare. Dié wat kon in 'n rok met 'n kalerige rug, 'n Handsakkie vol blinkertjies.

Soms het van die manne dikbekkerig by die motor vertoef om na die laaste bietjie rugby oor die radio te luister. Hoe kon Dirkie toelaat dat Rina hulle troue reël op 'n Saterdag wanneer die Bulle teen die WP speel? Die jong man sal moet pasop. Hy kan nie toelaat dat sy nou al op sy kop sit nie.

Hoe byna van die bruid verwag is om so agt minute laat by die kerk op te daag, in haar ryk oom se Mercedes of 'n gerestoureerde ou Pontiac, opgemaak met stringe helderleurige kreukelpapier en balonne.

En wanneer die bruid die kerk ingestap het, met haar gevolg van blom- en strooimeisies, het almal regop gekom terwyl die orrelis Mendelssohn se troumars speel: "Pa-ra-pa-paaa, pa-ra-pa-paa ..." terwyl hier en daar 'n vrou 'n traan met 'n bewerige snesie afvee en die bruid se ouma effens te hard fluister: "Die kind lyk darem pragtig, nè?" Op ouma se kop 'n hoedjie



Voor die onthaal kon begin, is die foto's eers geneem, onthou die skrywer van troues van weleer. "In 'n ry sou hulle daar voor die ou Moederkerk gestaan het, die bruidegom, die bruid stralend, die onderskeie ma's met hulle hoë hare, en die pa's elkeen met 'n angelier in die lapel. Stemmig. Eenvoudig."

Foto: Verskaf

wat soos 'n vlieënde piering lyk.

Die predikant het dinge gewoonlik meer informeel as gewoonlik gedoen, sonder om té informeel te wees. Jy moes steeds besef die huwelik is 'n heilige instelling van God. Om te skei is 'n sonde.

En nadat die bruid en bruidegom mekaar die regterhand gegee en gesoen het, het 'n familievriend of -vriendin dalk die "Ave Maria" vir hulle gesing.

By die deur, op pad buitetoë, het jy 'n pakkie konfetti of roosblare uit een van die blommemeisies se mandjie geneem, dan het jy op die grasperk voor die kerk gewag vir die bruid en die bruidegom om te verskyn. Hulle moet net eers die boek teken.

Intussen het een van die manne in die motor gaan luister of die Bulle toe gewen het. By die onthaal sal seker darem sjampanje wees, maar net vir ingeval het hy 'n bottel brandewyn in die motor se katebak gebêre.

Die onthaal is in die saal langs die

kerk gehou. Hoe dan anders? Die bruid se ma en haar vriendinne het deur die nag gespoek om die kos klaar te kry en die tafels te versier. Op elke tafel 'n rangskikking ranonkels en dennebolle wat silwer gespuitverf en rondom 'n geel kers gepak is.

Maar voor die onthaal kon begin is die foto's eers geneem. In 'n ry sou hulle daar voor die ou Moederkerk gestaan het, die bruidegom, die bruid stralend, die onderskeie ma's met hulle hoë hare, en die pa's elkeen met 'n angelier in die lapel. Stemmig. Eenvoudig.

Nou is dit anders. Een fotograaf is nie meer genoeg om alles op 'n troue vas te lê nie. Nou is daar ook 'n videograaf by, dalk selfs 'n assistent. Soms word van die paartjie verwag om in 'n boom te klim of om die lug in te spring of om na mekaar toe aangehardloop te kom. Ek kan my verkyk aan party van die trouefoto's wat jy soms in die koerant sien. Hier kom Dries, effe oorgewig, soos 'n

jong Os du Randt met 'n rooi cumberband om sy maag oor Villa Toscana se grasperk gehardloop na sy geliefde Madel toe ...

Op 'n troue is ook nie meer só 'n seremoniemeester nie: 'n jollie oom van die bruidegom met 'n drankprobleem wat voor almal vertel hoe die bruidegom voor hom grootgeword het en hoe hy hom as babatjie help bad het en hy kan vir seker vir die bruid vanaand sê sy is 'n baie, baie, baie gelukkige meisie.

'n Troukoek bestaan ook nie meer uit drie of vier lae nie, met heel bo-op 'n beeldjie van 'n bruid en 'n bruidegom. En elke gas het 'n wiggie vrugtekoek gekry, toegedraai in selofaan, met 'n kaartjie daarby waarop iets gestaan het soos: "Baie dankie dat u ons groot dag vir ons so spesiaal help maak het. Bert en Tilla." En daardie wiggie het die bruid se ouma tot met haar dood in haar vertoonkas gehou.

Nou kry elke gas 'n pers kolwyntjie en kyk almal vreemd na jou as jy spontaan vir die bruidegom begin sing: "Hy lyk vir my so baie soos tant Koek se hoenderhaan" voor hy met sy toespraak begin. Jy sal dit nie sommer ook maar waag om laataand met jou das om jou kop gedraai te dans nie.

Miskien is ek net besig om 'n nukkerige ou man te word wat nie kan aanvaar alles op aarde verander nie. Ook troues. Miskien moet 'n mens se trouedag so oordadig wees soos die era waarin ons leef – ons gewone mense se enigste geleentheid om soos prins Harry en sy Meghan te voel.

Maar nou het die Covid-19-virus ook weer alles anders kom maak. By die Kraalkop Boutique Wedding Destination is glo nog nie weer 'n troue gehou nie.

Soms voel dit of ek al hoe minder van die wêreld verstaan.



Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid. Presies soos ons eie.

www.krugerinternasionaal.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasionaal.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE